Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas

Jaargang 16 no 10

Oktober 2007

Tema: Erfenis

- **Kerklike erfenis 2**
- **Deurwerkende reformasie 4**
- **Hoe groen is jou voetspoor? 7**
- 'n Hart wat (warm) klop – Esegiël 36 10
- Erfenis op hierdie aarde?..... 11
- Wees warm of koud, maar nie lou nie! 13
- Gay-huwelike 15
- Die nuwe lewende vertaling – 'n dinamiese Afrikaanse Bybel 17
- "Doodgewoon Christen" – CS Lewis in Afrikaans .. 19
- Sondagviering en Sondag-heiliging (2) 22

ERFENIS EN NALATENSKAP

Na sy bewindsoorname het ons huidige regering Erfenisdag ingestel. Die bedoeling van Erfenisdag is om die ryk erfenis in terme van die diversiteit van kultuur en godsdiens te vier. Ons regering wil ons in `n wentelbaan plaas waarin almal gelyk is en geen diskrimasie op grond van geslag, taal, kultuur en godsdiens sal plaasvind nie. Omdat die meerderheid in die onlangse verlede die stand van tweederangse burgers moes inneem, wil die regering hê dat die inwoners van ons land sal feesvier, aangesien almal nou in dieselfde mate toegang het tot alles wat die land kan bied.

Wie terugkyk in ons land se geskiedenis, doen dit met gemengde gevoelens. Enersyds gevoelens van dankbaarheid. Ons mag in `n pragtige land woon, met `n rykdom aan fauna en flora. `n Land wat oor 355 jaar mooi ontwikkelings deurgemaak het. Allerlei rykdomme kon ontgin word en 'n infrastruktuur het tot stand gekom. Op die terreine van tegnologie, industrie en gesondheidsorg is groot vooruitgang gemaak. Opleiding en onderwys het bygedra tot die skoling van opvolgende generasies. Om dit te kon doen, was visie, inisiatief, goeie planne, harde werk en hande-arbeid nodig. Die burgers van Suid-Afrika het almal bygedra tot hierdie ontwikkeling.
Andersyds sien ons ook weer die troebel waters wat die verhoudings tussen die veelheid van volke in ons land al deurgaan het. Dink maar aan die oorloë, wedersydse benadeling en onderdrukking wat daar al plaasgevind het.

Die term 'erfenis' beteken: die totaal van die natuur, kultuur en geestesgoedere wat die vorige generasies aan die volgende nalaat. Dit kan goeie en minder goeie dinge inhou. Hoe dink ons oor ons erfenis? Wat maak ons daarmee? Weet ons nog wat in ons relatief kort geskiedenis gebeur het? Het ons eintlik nog enige historiese bewussyn oorgehou? Verstaan ons nog hoe die verlede bygedra het tot die werklikheid soos ons dit vandag ervaar? Kan die leser van hierdie blad die geheel in perspektief sien? Of het ons die houvas daarop verloor?

Wie nadink oor erfenis, kan seer seker nie net oor die verlede nadink nie. Erfenis beteken tog ook nalatenskap. Besinning oor wat ons nalaat, is net so belangrik as besinning oor wat ons as erfenis ontvang het.

En hoe staan dit in verband met die erfenis volgens die beloftes aan Abraham (Gal. 3:18), wat in die Ou Testament op Kanaäan betrekking gehad het en vooruit gekyk het na die verlossing in en deur Jesus Christus, en wat na die uitstorting van die Heilige Gees `n menigte van mense uit alle volke, nasies en tale deelagtig geword het? Daarmee saam kom die heerlike vooruitsig van die nuwe hemel en die nuwe aarde wat vir God se kinders as skat (erfenis) weggelê is (Hebr. 9:15; Kol. 3:24). Psalm 37: 29 sê: Die regverdiges sal die aarde besit en vir ewig daarop woon.

Gelowiges mag en moet aldeur besig wees met die skeppingsopdrag en sendingsopdrag wat God vir hulle gegee het. Bewoon die aarde en bewerk dit, regeer daaroor. Verkondig die evangelie aan alle nasies. Hou daarmee vol todat Ek met die wolke terugkom. Ek is met julle tot aan die eindes van die aarde.
Hierdie perspektiewe help ons om op die regte manier na ons erfenis te kyk en ook op `n goeie manier daarmee om te gaan.

Dit help ons om in geloof te bid en te werk in `n pragmatiese, ekonomie- en vermaaklikheids-gedrewe land. `n Land wat verder deur misdaad en die mens-immuun-virus (MIV) geteister word. Dit gee ankers in die geestelike deformasiegolf waaarmee ons vandag te kampe het. Waar fondamente omgegooi word, asof dit nooit daar was nie. Bygesê: as ons niks omtrent hierdie dinge doen nie, bly dit so of word dit erger.

Gereformeerdes kan hul nie vereenselwig met die blydskap van ons regering oor die veelheid van godsdienste in ons land nie. Die gelykheid van godsdienste is `n nuwe ideologie wat ons nie vir die nageslag mag nalaat nie. Wel mag ons dankbaar wees teenoor ons Here vir die mooi ontwikkelings wat ons land deurgemaak het. Net so is dit ook reg om ons te verootmoedig oor al die onreg wat in ons land plaasgevind het en steeds plaasvind.

Gelowiges moet vandag aan die werk spring met die kosbare roeping wat hulle van God gekry het. Om in kerk, kultuur en omgewing `n soutende sout en ‘n ligtende lig te wees. Deur met eerlike sake en `n goeie voorbeeld die ongelowiges jaloers te maak op die lewe met die Here. Wie daarmee besig is, mag onder God se seën `n goeie basis vir die volgende generasie nalaat.

Freek van der Meer

KERKLIKE ERFENIS

Dr Hannes Breytenbach

TEMA: ERFENIS

Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, ‘n pilaar en grondslag van die waarheid (1Tim. 3:15). In ‘n besondere sin kan die erfenis van die kerk beskryf word as ‘n vaste vertroue en ‘n sekere kennis van Jesus Christus ons Here soos God Hom aan ons in die Skrif openbaar. Dit is die sleuteltaak van die gemeente om die voortgang en bevestiging van die evangelie te onderhou en te bevorder. Dit is die maatstaf waarvolgens ge-evalueer word of ‘n sendinggemeente gereed is vir instituering.

Die erfenis van die kerk word egter soms in ‘n stel beginsels gesoek wat in ‘n teologiese of kerklike tradisie staan, sonder dat die lewende Heer en die verhouding met Hom as uitgangspunt geneem word. Soms word die erfenis van die kerk gesoek in die kulturele situasie en konteks wat ‘n kerklike samelewing kleur, sonder dat teologiese inhoud aan die begrip “erfenis” gegee word. Daarteenoor verseker Galasiërs 3:18 ons: *Want as die **erfenis** uit die wet is, dan is dit nie meer uit die belofte nie. Maar God het dit aan Abraham deur ‘n belofte genadiglik geskenk.*

Dit kan die moeite loon om na te gaan hoedat daar in die aanloop tot die Vrymaking in Nederland duidelikheid gekom het oor die aard van die erfenis wat die kerk bewaar. In die Ou Testament is erfenis in verband gebring met die beloofde land, wat ‘n gawe van God aan sy verloste uitverkore volk was, en in die Nuwe Testament met die saligheid wat in Christus vir die gelowiges bewaar word. In die Kerkgeskiedenis is dit duidelik dat Christus vir Hom ‘n gemeente vergader vir die ewige lewe van die begin tot die einde. Ons sien hoedat God se verbond van genade van geslag tot geslag strek en hoedat Hy Homself en sy beloftes verbind aan sy verbondsvolk. Deur die evangelie van vergifnis van sonde en versoening deur die bloed van Jesus Christus aan sy gemeente te bedien, leer ons die aard van die erfenis ken. Dit is nie ‘n erfenis wat deur menslike inspanning verkry word nie, maar is God se geskenk aan die gelowiges.

En oral ter wêreld en enige tyd is dit in wese dieselfde. Oral waar die Woord onvervals verkondig en die Koningskap van Christus erken word, word dit as ‘n geskenk ontvang en as ‘n opgawe gegee om te bewaar. Kerklike erfenis kan nooit losgedink word van die Gewer daarvan en van die lewende verhouding met Hom nie. En nooit los van die eenheid van die heilsgeskiedenis in ons Here Jesus Christus nie.

In gehoorsaamheid aan God se Woord het die kerke uit die Afskeiding (1834) en die kerke uit die Doleansie (1886) op 17 Junie 1892 verenig onder die naam: Gereformeerde Kerken in Nederland, en hierdie eenheid word bely in die Drie Formuliere van Enigheid. Dit op sigself is bewys daarvan dat, hoe belangrik geskiedenis, tradisie en situasie of eie beklemtonings ook al mag wees, dit wat saambind die gemeenskaplike geloof in Jesus Christus is, die belydenis van die evangelie van genade.

Deur die publikasies van “voormanne” in die daaropvolgende jare in die

verenigde kerke, veral deur Abraham Kuyper en Herman Bavinck, is groot invloed op predikante en gemeentes uitgeoefen. Kuyper se beeldryke en soms suggestiewe seggingskrag het spoedig gemeengoed geword, die *gangbare mening*. Dit sluit in die beredenering van die pluriformiteit van kerke as natuurlike ontluiking: meer en mindere ware kerke, en die valse kerk wat die ongeloof is wat in elke kerk voortdurend inwerk. In hierdie "organiese" beskouing word die invloed van die Duitse Romantiek en die idealistiese filosofie opgemerk. Vir Kuyper moes die kerk van Christus haarself in meer as een vorm openbaar. Die verskynsel van 'n veelheid van kerke het die leer van die Skrif verdring.

So was ook Kuyper se beskouing oor die wedergeboorte. Kuyper het drie stadiums in die wedergeboorte onderskei. Die eerste stadium was dat die Here die lewe inplant in die hart wat dood was (lewendmaking sonder middel), die tweede stadium was dat die wedergebore mens tot bekering kom (deur die prediking), die derde stadium die bekering wat oorgaan in die heiligmaking. Die wedergeboorte wat onmiddellik was, kan veronderstel word en is sluimerend in 'n klein kind wat gedoop word en is voorts voorgehou as die egte gereformeerde leer.

Deur katkisasieboekies, studiemateriaal en ander populêre geskrifte is hierdie en ander beskouings uitgedra en het dit *gangbare menings* geword. Hierdie "vaste beginsels" of "vasstaande stellings" het grond onder die voete gegee en, so is gemeen, ook rus in die kerke. Die kerke wou die rus ten alle koste behou. Terselfdertyd het sommige opgemerk dat daar 'n treurige insinking, veragtering en verslapping besig was om plaas te vind. Bavinck moes in 1907 verklaar: die kennis van die waarheid wat volgens die godsaligheid is, gaan stadig maar seker agteruit. En: die getal van hulle wat met hul hele hart en siel uit die waarheid lewe en hulle daagliks daarmee voed, neem gaandeweg af. Voorts: mense het 'n stel leringe wat wel volgens die geloof is, maar wat buite die lewe staan en met die hede weinig of niks te make het nie.

Hier dring die vraag na die konteks van die evangelieverkondiging na vore. Om in eie tyd, in eie omstandighede, die *evangelie* glashelder, profeties te verkondig. Dan kom allerlei vermoedens van *vasstaande leringe* onder verdenking. Dan moet ons vra wat ons kerklike erfenis werklik is. By omseiling van hierdie vraagstelling verword die leer van die evangelie en word die evangelie verteken tot *niksseggende gebruiksgoed* wat in een era aanspreek maar in 'n volgende alle appèl verloor. Dit is geen erfenis in Bybelse sin nie.

Die gevaar dat die leer van die evangelie self aan die tydgees uitgelewer word met 'n geruste openheid na wêreldgelykvormigheid en wêreldgesindheid, bedreig inderdaad die erfenis van die kerk. Die gevaar is dat die lewe met God in die verbond verruil word vir diens aan die afgode. Vele in die Nederlandse kerke het die gevaar van *veruitwendiging van die gehoorsaamheid aan God* raakgesien en gewaarsku dat dit die saligheid bedreig.

Rondom 1918 het die sogenaamde 'beweging der jongeren' ontstaan: predikante soos JC Aalders en JG Geelkerken wat reformasie geroep het en 'n konkrete program van vernuwing op die oog gehad het. Hulle was teen die oorheersende behoudsug en veruitwendiging. Schilder het dit later beskryf as 'n tyd waarin geroep word om vernuwing, verbreding, besinning, fundering, maar niemand het geweet waarheen, waarin, waarom nie. Hierdie predikante was onderling verdeeld en ook die sinodes kon nie goed leiding gee nie. Nog in 1936 het die sinode van Amsterdam deputate benoem om opvatttings wat in die kerk voorgedra word en wat van die *gangbare leringe* afwyk, aan Skrif en belydenis te toets (let op die verkeerde volgorde hiervan). Die belydenis moes die gangbare mening weergee. Daarteenoor toon A Janse tereg aan dat die belydenis nagespreek moes word volgens die Skrif en nie vanuit *gangbare menings* van teoloë nie.

Die verskyning van die Van Bottenburg-kommentaar op die Nuwe Testament en ook die Korte Verklaring het Skrifondersoek bevorder. Daar moes teruggekeer word na die Skrif. Die "wederkeer" van die Vrymaking. Rondom 1930 het daar rondom die Amsterdamse filosowe Dooyeweerd en Vollenhoven, die onderwyser A Janse en die predikante SG de Graaf en K Schilder, 'n nuwere of reformatoriese beweging gevorm. Hulle het hulle *bewus* vereenselwig met die gereformeerde belydenis. Vir hulle was dit duidelik dat dit met die kerke en teologie nie goed gegaan het nie. Dooyeweerd en Vollenhoven het 'n skadelike sintese met klassieke, humanistiese en subjektiewe gedagtegoed opgemerk. Hier moes 'n omwenteling kom – dus moes die wysbegeerte reformeer word, 'n lewens- en wêreldbeskouing met 'n antitetiese karakter moes nagestreef word.

Veral Schilder het stilstand en veruitwendiging opgemerk. In die teologie van Karl Barth en die ekumeniese beweging het hy groot gevaar gesien. Maar watter antwoord moes hierop gegee word? Vanselfsprekendhede was volop, maar van die probleemstellings van die tyd is daar weggevlug. Daarom roep Schilder op tot *radikale reformasie*. Saam moes die kerke middein die krisis hulle daarvoor insit om op te tree met 'n profetiese en vernuwende ywer, ten behoewe van die gereformeerde lewe. In die vakgebied van die Dogmatiek wat hy doseer het, het Schilder gearbei om die Dogmatiek te korrigeer en te verryk in plaas daarvan dat die

Dogmatiek oor die resultate van die eksegese heerskappy voer. Hierdie reformatoriese beweging het nie vanuit die ewigheid van ‘n geslote sisteem geredeneer nie, maar vanuit *die konkrete dinamiese lewe in die aktuele mensegeskiedenis voor die aangesig van die lewende God*. Daar word na die Skrif toe gegaan. Daar word saam met ander predikante tegelyk op ‘n heilshistoriese eksegeties-verantwoorde wyse en op ‘n eksistensiële, radikale appèllerende wyse gepreek. Daar was groeiende betrokkenheid by die reformatoriese beweging. Dit was ‘n nuwe lente, ‘n nuwe geluid, nuwe lewe (D van Dijk). Predikante kon weer preek. Mense kon weer glo. Nuwe perspektief het gekom vir die gereformeerde wêreld. ‘n Wonderlike tyd (C Veenhof).

Wat is die kerklike erfenis wat ons vandag bewaar? Ons mag nie die geskiedenis van die Vrymaking normatief maak vir ons situasie nie. Ook nie die problematiek van die Nederlandse situasie van destyds, en die oplossings vanuit die Skrif daarvoor, net so oorbring op ons probleme en ons situasie vandag nie. Selfs nie van die nadenke van destyds nie (om die helderheid ontwil), gemeengoed maak wat die helderheid van die evangelie vandag vertroebel.

Ons is een met die kerk van alle eeue, die kerke van die Vrymaking het ons hart. Ons wil belydende kerk wees. Soos die kerke destyds, wil ons gehoorsaam wees aan die Here in ons eie tyd en omstandighede. Dit beteken dat dit vir ons om die Here se Woord en die belydenis van Hom gaan. Om die evangelie. Dit is die kosbare erfenis wat ons versorg. Op hierdie spoor gaan ons verder.

DEURWERKENDE REFORMASIE

Hans Moes

TEMA: ERFENIS

Die meeste van u ken seker die verhaal van die ou vuurtoring van Paternoster, wat nou ‘n nasionale gedenkwaardigheid is. Maar laat ek dit net weer kortliks vertel. Die rotskus by Paternoster is baie gevaarlik. Baie skepe en vissersbote het vroeër hier vergaan, met die verlies van baie menselewens. Die mense van Paternoster het moedig probeer om van die drenkelinge te red. Toe besluit hulle om op die punt net buite die dorp ‘n vuurtoring te bou, sodat die skepe teen die rotsriwwe gewaarsku kan word. En ná baie inspanning staan daar uiteindelik ‘n pragtige vuurtoring. In dié tyd was dit nog ‘n werklike vuurtoring met ‘n vuur wat brand in die nag, want daar was nog nie kragvoorsiening op Paternoster nie.

Die dorpsmense het beurte gemaak om die vuur snags helder te laat brand. Ander het weer in die dag gesorg dat daar voldoende brandhout is vir die nag se vuur. Sedert die vuurtoring gebou is, vergaan daar baie minder skepe aan die kus. Die mense van Paternoster is baie bly daaroor en is baie trots op hul vuurtoring. Hulle maak die vuurtoring al hoe mooier. Vir die gerief van die mense wat snags op die vuurtoring werk, bou hulle ‘n ruskamer, ‘n stokperdjiekamer en kosmaakgeriewe. Baie mense uit die dorp is later betrokke by die werk i.v.m. die vuurtoring en naderhand word dit ook die sosiale sentrum van die dorp.

Daar is so baie werk om te doen om en by die vuurtoring dat die mense partykeer vergeet om snags vuur te maak. Maar in elk geval, die sosiale geselligheid by die vuurtoring gaan van krag tot krag en dit bring samehorigheid in die dorp. Tot daar in ‘n nag, toe hulle weer vergeet het om die vuur te laat brand, weer ‘n skip by Paternoster vergaan. En almal is te besig om die drenkelinge te gaan red.

U sal inmiddels weet dat dit ‘n gelykenis is oor hoe dit soms met die kerk gaan. Die doel van kerkwees word na verloop van tyd nie meer besef nie en alle kerk-energie word bestee aan onbelangrike of minder belangrike sake. Dit is ‘n gevaar wat die kerk van alle eeue en plekke bedreig en wat steeds weer besinning vra.

Wat ìs dan die **doel van die kerk**? Die hoofdoel van die kerk is om voorloper te wees van die Koninkryk van God. In die kerk word God se boodskap verkondig, daar regeer God deur sy verkondigde Woord en sy Gees. Hier word God se Naam geheilig en geskied sy geopenbaarde wil. Die gelowiges is burgers van God se Koninkryk (Fil. 3:20). Die Koninkryk van God was reeds op aarde in die paradys, toe alles goed en sonder sonde was en die mens sy roeping as God se onderkoning uit vrye wil uitgeoefen

het. Maar deur die sondeval het die mens, die burgers van die Koninkryk, in opstand gekom en die kant van die satan gekies. God het in sy onbegryplike goedheid egter besluit om sy skepping en Koninkryk weer te herstel, deur versoening deur sy Seun Jesus Christus. Wanneer die satan uiteindelik oorwin en veroordeel is, op die jongste dag, dan sal God se Koninkryk weer herstel word, dan sal God weer by die mense woon, soos in die paradys. Maar die gelowiges, die kerk, moet nou reeds die beeld van onderkoning van die skepping begin weerspieël.

Wat was die hooftaak van die mens in die paradys? Dit lees ons in Genesis1:28, en dit word die **kultuuropdrag** genoem. Hieraan moet die gelowiges, die kerk ook werk om dit reeds nou in beginsel te probeer herstel. Tydens die Middeleeue het hierdie taak van gelowiges uit die sig verdwyn. Die daaglikse werk is gesien as deel van die "natuur", die geloof is deel van die "genade", twee geskeie wêrelde. Die kerk het hom vrywel uitsluitlik toegespits op die "genade". Tydens die Reformasie het die werk van die mens weer teruggekeer binne die lig van die evangelie, veral by Calvyn. Luther het die sg. "twee-ryke-leer" geloods: kerk en staat/samelewing staan onder afsonderlike gesag, die eerste onder die gesag van Christus en sy Woord en die tweede onder die gesag van die menslike rede. **Calvyn** praat in sy *Institusie* (Boek 4, Hoofstuk 20) oor die "twee regerings", die kerklike en die burgerlike. Maar ook die owerheid is deur God geroep tot sy amp. Daar moet 'n eenheid wees tussen wat in die kerk gebeur en die taak van die mens in sy daaglikse lewe, want die hele menslike bestaan staan onder Goddelike roeping.

Die persoon wat baie werk versit het om hierdie eenheid tussen "leer" en "lewe" weer in ere te herstel, was **Abraham Kuyper**. Met verwysing na die begronding van hierdie denke deur Calvyn, het hy dit die "Calvinisme" genoem. Een van sy bekende uitsprake in hierdie verband is: daar is geen duimbreedte van die menslike lewe waarvan Christus nie sê: dis myne, nie. Christus is Heerser, selfs oor die konings van die aarde. M.a.w. Christus se gesag en Koninskap gaan veel wyer as net die kerkmure. Kuyper het dit ook aktief deurgevoer en die impak van die Christelike geloof uitgewerk op die gebied van die politiek, van die samelewing en van die wetenskap en kuns. Sy bekende Stone-lesings te Princeton, VSA, in 1898 bevat 'n bondige uiteensetting van sy gedagtes hieroor. Die onafhanklikheid van lewensterreine van die direkte gesag van kerklike gesagsdraers is uitgewerk in sy "Soewereiniteit in eie kring", die titel van sy openingsrede van die Vrye Universiteit van Amsterdam in 1880.

Die denke van Kuyper is verder as filosofie uitgewerk deur **Herman Dooyeweerd**, onder die aanvanklike titel: "Wysbegeerte der wetsidee" en later meer eenvoudig: "Reformatoriese wysbegeerte". Hierin word die samehang en die onderskeid tussen die verskillende lewensterreine waarin mense werksaam is, uitgewerk, sowel op basis van Christelike geloofsvooronderstellings as van wetenskaplike vooronderstellings. In die begin van die 20e eeu het baie wetenskaplikes geskop teen die subjektiwiteit van die wetenskappe, maar dit is na 'n eeu nou tog amper orals erken (behalwe deur sommige evolusioniste).

In die tweede helfte van die 20e eeu is hierdie gedagtes verder uitgewerk in wat in Nederland genoem is "doorgaande reformatie", wat ons sou kon vertaal met "**deurwerkende reformasie**". Die reformasie op die gebied van die teologie en die geloof van die 16e eeu (veral Luther en Calvyn) moet nou ook gestalte kry in die alledaagse lewe van gelowiges. Die reformasie moet nie beperk word tot die kerk as organisasie nie, maar moet deurwerk in die samelewing, die politiek, die wetenskap, die kuns, die maatskappy en die breë menslike kultuur. Dit bepaal die mens weer by sy oorspronklike "kultuuropdrag". Dit het in Nederland vorm gekry in verskeie gereformeerde organisasies, soos 'n politieke party, skoolverenigings, maatskaplike organisasies, werkersorganisasies en 'n wetenskaplike vereniging.

Dit is **'n erfenis** wat oorgewaai het na baie ander lande, alhoewel hoofsaaklik na lande met 'n "Calvinistiese" samelewingskomponent. Die gedagtes van Kuyper en Dooyeweerd het weerklank gevind in die VSA, in Kanada (die "Institute for Christian Social Studies" in Toronto), maar ook in Suid-Afrika. Die vroeëre Universiteit van Potchefstroom het 'n "Instituut vir Bevordering van Calvinisme" gestig (later hernoem na "Instituut vir Reformatoriese Studie", die IRS). Baie van ons ouer lesers sal seker nog die gereelde "Studiestukke" onthou, waarin baie bondig die "Calvinistiese" siening oor 'n sekere onderwerp weergegee is. Ongelukkig het dit 'n aantal jare gelede blykbaar tot 'n einde gekom.

Dit is opmerklik dat die Korean Presbyterian Church onlangs vasgestel het dat die gereformeerde teologie o.a. nog nie 'n impak gehad het op die kerk se betrokkenheid by kultuur en samelewing nie (*Lux Mundi*, Maart 2007). Hulle het nou die "Korean Institute of Reformed Studies" (KIRS) gestig, wat gevestig is by die Kosin Christian University in Busan. Hulle het prof. Bennie van der Walt van Potchefstroom genooi om by die opening op 30 Mei 2006 'n toespraak te hou oor "Christelike identiteit en relevansie: die dringende noodsaak van Christelike organisasies en institute in 'n toenemend sekulêre wêreld". Prof. Van der Walt was nou betrokke by die IRS in Potchefstroom, waar ook baie Koreaanse studente studeer.

Dit is simptome van 'n behoefte wat gevoel word deur gereformeerdes

om hul geloof te laat deurwerk in God se skepping en sy komende Koninkryk. Dit is gesien as die taak en verantwoordelikheid van die gelowiges. Geen skole gestig deur die kerk nie, maar ouer-skole; geen politiek deur die kerk nie, maar deur lidmate. Die "amp van alle gelowiges" moet gestalte kry in die uitwerking van die geloof in die praktyk van die lewe en moet nie vasgevang word binne teologie of kerkmure nie. In sommige kerke het dit deurgeslaan na die ander uiterste: die kerk is slegs relevant deur regstreeks betrokke te wees by die samelewing, veral by die armes en die verdruktes, en die kerk moet vir hulle regte stry en met die President of die regering praat. Hier dreig die sosiale aspekte van die samelewing om die geloof in Christus te verdring.

Vanweë allerlei redes kon ons hierdie Nederlands-Calvinistiese erfenis hoegenaamd nie gestalte gee binne die Vrye Gereformeerde Kerke nie, behalwe vir gereformeerde ouerskole. Van die verstaanbare redes is o.a.: te min kundige mannekrag, immigrante moet hard werk om hulle bestaan op te bou, die beskikbare energie en mannekrag is hoofsaaklik geabsorbeer binne kerklike aktiwiteite, en die integrasie in die samelewing het maar stadig plaasgevind deur 'n ander taal en kultuur. Maar nou vra ons jongmense weer: 'n mens kan mos staak vir 'n beter salaris; jy stem mos vir 'n politieke party wat vir jou die meeste voordeel en beskeming bied; jy werk mos vir ontspanning in die naweek; wat is fout daarmee om op 'n Sondag te werk; ons neem nie nou al kinders nie; hoekom is seks voor die huwelik verkeerd; wat is verkeerd met dans, dobbel of alkoholiese drankies; politiek is tog net selfbevoorregting; ens. Dit wil amper voorkom of ons weer die wiel van vooraf moet uitvind. Maar dit wys op die blywende behoefte om steeds te besin oor Christen-wees in die samelewing en gaan verder as net etiese vrae. Ons is nie van die wêreld nie, maar wel in die wêreld, en ons het hier 'n taak. Om te sê Kuyper en die "Calviniste" is kultuur-optimiste, verminder nie ons roeping om ons kultuuropdrag uit te voer nie.

'n Belangrike vraag is of ons as gereformeerdes inderdaad ons energie hoofsaaklik aan binne-kerklike werk moet bestee. As ons twee keer per Sondag kerk toe kom, ons kinders na 'n gereformeerde skool stuur, die Bybelstudie- en gemeentevergaderings bywoon, met ons bure oor die geloof praat, dan is ons mos goeie Christene. As 'n mens kyk na al die deputaatskappe, kerklike kommissies, taakgroepe en studiegroepe en ander aksies waartoe ons "kerkleiers" ons oproep, dan lyk dit of ons van ons klein kerkverband dieselfde verwag as van 'n groot kerkverband. En as gevolg daarvan bly ons taak as Christen om 'n ligtende lig en 'n soutende sout in die samelewing te wees en om ons kultuuropdrag uit te voer, grootliks agterweë. Bly die geloof nie tot 'n mate onvrugbaar as dit nie deurwerk tot ons oorspronklike Goddelike roeping om ons werk volgens sy opdrag en tot sy eer te doen nie?

Wat is die oplossing? Na my mening moet ons besin oor die take en verantwoordelikhede van ons Christenskap in die algemeen en moet ons, met die beperkte middele en kragte wat ons het, ons prioriteite bepaal. En ook in die samelewing kan 'n "Gideonsbende" baie vermag, onder God se seën – daar is mooi voorbeelde. Een (belangrike) komponent van die Christelike lewe, die kerk, moet nie alles-absorberend wees nie, maar juis toerus tot ons kultuurtaak. Hierin kan *Kompas*, as interne orgaan, ook 'n rol speel, soos ook studieverenigings (soos daar vroeër was). Maar daarna moet die Christelike stem ook gehoor word in die samelewing. Die briewe in die dagblaaie bied hier baie moontlikhede. Daar is radiostasies (nie Niekie nie), daar kan seminare georganiseer word. Hier is 'n Nederlands erfenis wat ons amper verloor het, maar wat ons weer met erns moet opneem.

Die tema's wat volgende in KOMPAS bespreek gaan word:

November : Glo en weet
Desember : Kersfees

HOE GROEN IS JOU VOETSPOOR?

Sjirk Geerts & Martin de Wit

TEMA: ERFENIS

'n Groepie bestaansboere in 'n tropiese gebied het elkeen 'n stukkie van hulle land bewerk om kos aan hul gesinne te voorsien. Tyd en geld om al hulle grond te bewerk, het niemand gehad nie. Een boer het vooruit geboer en kans gesien om binne een jaar 'n baie groot stuk land te bekom, al die bosse uit te kap en die hele stuk land te beplant. Teen oestyd het hy geen oes van sy middelste landerye gekry nie en sy totale oes was bykans net so groot soos dié van sy bure met hulle klein ou landjies.

Die oorsaak? Die gewasse waarmee geboer is, was vir bestuiwing afhanklik van insekte. Die insekte uit die naasliggende woude dring slegs 'n klein entjie in 'n monokultuur in, gevolglik word die middelste plante nie bestuif nie.
Hierdie voorbeeld illustreer op 'n baie eenvoudige en direkte wyse die gevolge van die verlies aan biodiversiteit in 'n natuurlike sisteem. Ons plaas al hoe meer druk op die aarde se hulpbronne. Ons ekologiese voetstap is besig om al hoe groter te word. Ons voel dit nie altyd direk aan ons lyf nie, die waterbeperkings pla nie te veel nie, en al die indringerplante (as ons Weskus toe gaan om blomme te kyk) pla ook nou nie regtig nie. Wat is die probleem om alles te bewaar? Die spore wat ons orals agterlaat: maak dit regtig so baie saak?

Die spore wat ons trap

Die 'Millenium Ecosystem Assessment' wat in 2000 begin en in 2005 vrygestel is, wys op 'n aansienlike en grootliks onomkeerbare verlies aan diversiteit op aarde. Die afname van biologiese diversiteit is 'n wêreldwye bekommernis, alhoewel nog nie almal saamstem oor die omvang of belangrikheid van hierdie afname nie. As ons na ons eie land kyk, is alreeds 2527 (12%) van Suid-Afrika se plante, 102 (14%) van sy voëls, 72 (24%) van sy reptiele, 90 (37%) van sy soogdiere en 22% van sy skoenlappers gelys as bedreig in die Suid-Afrikaanse Rooidata-lys, 'n lys wat die bewaringstatus van bedreigde spesies aandui. Hierdie getalle neem steeds toe. Dit is dus 'n werklikheid en 'n rede tot kommer.

Waarop trap ons?

'n Gesonde ekosisteem is afhanklik van biodiversiteit; as ons egter daarop trap, breek dit. Wat is dus ekologie en biodiversiteit? Ekologie is afgelei van die Griekse *oikos* wat 'huis' of 'tuiste' beteken en *logos* wat 'kennis' beteken. Dit is dus die wetenskaplike studie van die verspreiding en hoeveelhede van lewende organismes. Ekologiese kennis gee 'n wetenskaplike basis vir byvoorbeeld die kwantifisering van biodiversiteit.

Biodiversiteit is die variasie van lewende vorms binne 'n gegewe ekosisteem of bioom en is dikwels 'n maatstaf van die gesondheid van 'n biologiese sisteem. Met die Rio de Janeiro-konvensie in 1992 het die wêreld ooreengekom op 'n Konvensie oor Biologiese Diversiteit, met die doel om biologiese bronne te beskerm teen verdere afname, of ten minste die tempo van afname te verminder. Vyftien jaar later en die tempo van afname neem egter nog steeds toe.

Hoe waardevol is dit waarop ons trap?

Om te weet waarop ons trap, moet ons bewus wees van die voordele van biodiversiteit. 'n Gesonde ekosisteem het 'n hoë biodiversiteit en sodoende 'n beter weerstand teen verandering. Monokulture was in die verlede verantwoordelik vir verskeie landboukundige rampe, soos bv. die ineenstorting van die Europese wynindustrie in die laat 1800's. Verder word baie praktiese gebruike van die mens afgekyk by die diere- en planteryk. Klassieke voorbeelde is die sonar van vlermuise en waterafstotende verf wat afkomstig is van waarnemings van die lotusplant se besondere nie-klewerige blare.

Biodiversiteit verskaf ook dienste wat nie onmiddellik sigbaar is nie, soos die verskaffing van skoon water en herwinning van nutriënte vir vrugbare grond. Gedurende die laaste paar eeue was daar 'n toenemende afname in biodiversiteit, en studies wys dat ongeveer 'n agste van die bekende plantspesies bedreig word deur uitsterwing. 'n Ekosisteem se stabiliteit neem af soos wat spesies (biodiversiteit) verlore gaan, daarom waarsku hierdie studies dat die globale ekosisteem op pad is na ineenstorting indien daar 'n verdere afname in kompleksiteit is. Die faktore wat bydra tot die verlies aan biodiversiteit is bekend: onder andere ontbossing, besoedeling van water en lug en introduksie van eksotiese indringerspesies.

'n Minder bekende, maar belangrike probleem wat in die laaste aantal jare opgeduik het, is die bestuiwingskrisis, waar kommer ontstaan het oor die afname in bestuiwer-diversiteit en -getalle. In die VSA het natuurlike heuningbye in die laaste 50 jaar met 90% afgeneem. Bestuiwers is noodsaaklik vir stuifmeel-oordrag tussen blomme van baie spesies om sodoende saad-

vorming te verseker. Dit geld vir plante in die veld (soos die langtongvlieg wat 'n blom bestuif naby Mamre aan die Weskus), maar ook vir van ons landbougewasse. Alhoewel moeilik om te kwantifiseer, word daar gesê dat 'n derde van ons voedsel wat verbou word, afhanklik is van bestuiwing. Dit sluit heelwat vrugte en groentes in, maar ook plante soos alfalfa wat as veevoer dien. Biodiversiteit is waardevol vir mens en natuur.

Redes vir groen voetspore

Daar is verskillende uitgangspunte vir die bewaring en restourasie van ons biodiversiteit.
Direkte ekonomiese waarde kan verduidelik word aan die hand van 'n voorbeeld: die kosteberekening van 'n eenheid water. Dit is dikwels goedkoper om indringerplante te verwyder as wat dit sou kos om nuwe damme of watersuiweringsinstallasies te laat bou.
Indirekte ekonomiese waarde is byvoorbeeld inheemse insekte wat verantwoordelik is vir die bestuiwing van landbougewasse.

Dit is verder ook bekend dat die armer landelike bevolking dikwels afhanklik is van veldprodukte en graslande vir hulle lewende hawe. Onlangs is beraam dat hierdie direkte ekonomiese waarde so hoog as R1000 per persoon per jaar is. In baie huishoudings is die gesonde funksionering van ekosisteme en die produkte en dienste wat daardeur gebied word, 'n saak van oorlewing.

Verskeie etiese redes word ook aangevoer vir die bewaring van biodiversiteit, van godsdienstig tot 'biodiversiteit is belangrik, want my kinders moet dit ook kan geniet'.

Wat is ons as Christene se roeping ten opsigte van die natuur? Ons het 'n groter verantwoordelikheid as enige van die sosio-eonomiese of etiese redes wat genoem is, want dit is ons Vader se skepping.

'n Bybelse spoor

Genesis 1:28 : *En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.*

'n Teks wat ons baie goed ken. Moet ons dan nie heers oor die aarde nie? Asof ons diktators is? Keer op keer is daar egter 'n ander tendens in die Bybel sigbaar. Vermorsing en uitbuiting pas nie by die manier waarop die Ou-Testamentiese Israeliete te werk mog gaan nie.

Deuteronomium 22:6,7 : *As jy op pad 'n voëlnes kry in een of ander boom of op die grond, met klein voëltjies of eiers, terwyl die moeder op die klein voëltjies of op die eiers sit, mag jy die moeder nie saam met die kleintjies wegneem nie.*
Jy moet die moeder sekerlik laat wegvlieg, maar die kleintjies mag jy vir jou neem, dat dit met jou goed kan gaan en jy die dae kan verleng.

Hierdie teks is 'n pragtige voorbeeld van hoe God wil hê dat ons met die natuur omgaan. In daardie tyd kon hulle nie 'n koeltas vol met kos saamneem op reis nie. Jy het geëet wat jy raakgeloop het. Vind jy 'n nes, mag jy nie die hele voëlfamilie eet nie. Sodoende is daar die volgende seisoen weer kleintjies. Dit is ook God se bedoeling met ons. Neem nie meer van die aarde weg as wat jy nodig het nie.

Genesis 2:15 : *Zo nam de HEERE God den mens, en zette hem in den hof van Eden, om dien te bouwen en dien te bewaren* (Nederlandse Statenvertaling).
Genesis 2:15 : *to dress it and to keep it* (King James version).
(Where 'keep' is explained as 'protect' or 'attend to').

God het alles mooi en goed geskape. Hy het niks te veel gemaak nie en ook niks wat nodig is, weggelaat nie. Alles is deur ons Skepper in harmonie geskape, waardeur die prag van die skepping tot sy volmaaktheid gekom het. Die mens se opdrag is nie 'n lisensie om te misbruik en te vernietig wat God gemaak het tot sy glorie nie.
Die mens is die enigste spesie wat bewus kan rebelleer teen hoe God wil hê ons moet lewe. Hierdie rebellie kom in baie vorms na vore, waarvan een is om die skepping te misbruik. Die uitdaging aan Christene is om raak te sien dat God se liefde nie net vir die mensdom is nie, maar vir sy hele skepping.

Hoe groen is jou voetspoor?

Die veel gehoorde frase "maar wat kan ek dan doen?" bly relevant. Daarom net 'n paar idees om ons voetspore so effens groener in te kleur.

By die huis

- Herwin, hergebruik en vermy oordadige verpakking.
- Sorteer jou afval per bron: 'n organiese drom vir kompos en 'n papierdrom is 'n maklike begin.
- Verminder elektrisiteitsverbruik, sit apparate af as dit nie gebruik word nie.
- Gebruik energiebesparende gloeilampe.
- Verminder jou geiser se temperatuur na 50-60°C.
- Spaar water, gaan jou krane na vir lekasies.

- Plaas 'n baksteen in jou toilet se spoelbak, dit spaar 7300 liter water per jaar.
- Plant inheems.

By die skool
- Stig 'n saamryklub of stap.
- Ondersteun 'n kultuur van herwinning en maak gebruik van 'n herwinningsdepot.
- Plant 'n 'waterwyse' tuin.
- Organiseer uitstappies met omgewingsbewaringstemas, soos na 'n plaaslike reservaat.
- Gee aandag aan dae met omgewingstemas, soos wêreld-vleilanddag, wêreld-waterdag, wêreld-omgewingsdag, nasionale boomplantdag, nasionale marinedag.
- Fotokopieer aan beide kante, dit spaar geld en papier.
- Deel inligting oor loopbane in ekotoerisme, natuurbewaring, alternatiewe energiebronne.

By die werk
- Skakel ligte en persoonlike rekenaars oornag af.
- Gebruik veilige skoonmaakmiddels en verminder omgewingsbesoedeling.
- Druk beide kante van 'n papier en herwin papier in elke kantoor.
- Maak die onderste lyn groen: maak seker jou besigheid het 'n beleid van omgewingsvolhoubaarheid.
- Belê in 'n groen toekoms. Ondersteun 'n omgewingsopvoedingsprojek. Vir idees sien www.sasix.co.za

Met vakansie
- Verminder petrolverbruik deur korrekte banddruk.
- Gebruik 'n voertuig wat minder brandstof verbruik en minder gasse uitlaat.
- Word 'groen' en koop 'n 'wild card', vir gratis toegang tot ons bewaringserfenis (www.capenature.org.za)
- Neem al jou gemors saam huis toe.
- Koop wyne van plase wat deel vorm van die biodiversiteit- en wyn-inisiatief.
- Kies jou vis reg; maak seker die vis wat jy wil eet, is nie bedreig nie - sms 079 499 8795 en kry dadelik antwoord van SASSI.
- Moenie vure begin wat jy nie weer kan blus nie.

Daar is op gewys dat as elkeen van ons ons impak verminder en 'n groen voetspoor trap, ons 'n betekenisvolle bydrae lewer.

Hoe groen is jou voetspoor?

Sjirk Geerts is ekologie-student aan die Universiteit van Stellenbosch. Martin de Wit is 'n praktiserende omgewingsekonoom.

'N HART WAT (WARM) KLOP
- 'n Meditasie na aanleiding van Esegiël 36:26-27

Ds ELvan't Foort

VENSTER OP DIE BYBEL

Lewensruimte

Sou daar iemand bestaan wat geen behoefte het aan ruimte om hom heen nie? Ruimte om vry te voel; ruimte om te lewe! Dit is iets wat ek almal gun. Maar ek sien soveel mense wat juis daardie ruimte mis. Mense wat benoud voel in die lewensomgewing waarin hulle byna verstik. Mense wat soos gevangenes vaskleef aan die verwagtinge van die wêreld.

Jy moet bybly met alle ontwikkelings op die gebied van tegnologie, van die mode. Jy moet voldoen aan die verwagtings van jou familie en vriende. Jy moet aanpas by jou dinamiese werksomgewing en by die ontspanning wat eintlik te veel van jou vra.

Dit bring moontlik spanning in jou verhoudings... stres en onbegrip maak jou ongeduldig en ongelukkig. Jy voel telkemale teleurgesteld in en deur die mense om jou heen. En erger nog, teleurgesteld in jouself! Sou jy graag uit hierdie benouende sirkel wou uitbreek? Sou jy graag weer vry wou voel en ruimte hê om te leef?

Natuurlik sal die meeste mense dadelik en gretig "ja" antwoord! As ek genoeg geld gehad het, sou ek eenvoudig my eie ruimte kon skep! Met geld kan 'n mens jou lewe leefbaar maak! Ondanks hierdie gedagte, moet ons erken dat ons baiemaal sien dat die ryk mense nie noodwendig die gelukkigste mense om ons is nie!

Ek glo dat daar maar net een manier is om ruimte te vind om te leef.

Mense kan dit nie aan jou bied nie. Jy kan dit self ook nie skep nie. Maar jy kan lewensruimte by die Here God vind. En Hy wil dit ook aan jou gee.

Hartoorplanting

Die Here kan en wil aan jou lewensruimte gee. En dan is seker die volgende vraag: Hoe dan??

Ek het hieroor iets heel besonders gelees in God se brief aan die mense. Die Here maak eers 'n diagnose oor die benoudheid wat baie mense ervaar. Hy stel vas dat hulle 'n hartkwaal het. En, die Here is dan baie reguit en eerlik: die hartkwaal is baie ernstig van aard. In feite, sê God, het die mense se harte kliphard geword! En voel maar 'n slag aan 'n klip – daar is duidelik geen lewe daarin te vind nie. Dis dood en koud!

Maar wat dan nou gedaan? Wel, as die dokter jou sou vertel dat jy 'n hartkwaal het en basies ten dode opgeskryf staan, dan klink dit baie dreigend! Jy voel al klaar benoud omdat jou hart nie meer behoorlik kan werk nie. En dan moet jy sulke nuus ook nog verwerk!

Maar sou die hartspesialis dan verder gaan en sê dat hy moontlik 'n oplossing het, dan sou daar weer 'n vonkie hoop in jou oplaai. 'n Oplossing...! Watter oplossing sou daar dan kon wees? Wel, die spesialis kom dalk met die voorstel dat jou ou hart verwyder moet word en as jy dan wil, kan hy jou 'n nuwe hart gee wat wel die werk kan doen!

'n Nuwe hart? In vandag se tye is dit nie meer 'n vreemde gedagte nie. Ons ken dalk selfs iemand wat al 'n hartoorplanting gehad het. Maar dit is werklik nie so lank gelede wat dr. Christiaan Barnard die eerste hartoorplanting in die Groote Schuurhospitaal in Kaapstad gedoen het nie. Skaars 40 jaar gelede! En toe het dit ook nog 'n paar jaar geneem voordat so 'n operasie ook die mense se lewensduur verleng het. Wat 'n ongelooflike mediese deurbraak!

Maar God het al duisende jare gelede van so 'n operasie gepraat. En Hy is die Een wat hierdie delikate operasie met 'n 100% suksessyfer sal kan doen. God sny die koue, lewelose hart uit en vervang die hart van klip met 'n hart van vlees. Hierdie hart kan weer klop en leef! Die hart is so sterk en gesond dat jy weer voluit kan asemhaal! Jou benoudheid is vir altyd verby. Jy kry weer ruimte om te leef!

Om te lewe is om te luister

Al hierdie dinge staan in God se brief aan die mense. In die Bybel, om presies te wees: in Esegiël 36, lees ek wat God aan die mense van daardie tyd beloof; en deur hulle ook aan ons wat vandag lees en wil luister:

Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal jou hart van klip verwyder en aan jou 'n hart van vlees gee.

Is dit nie ongelooflik nie? God wil ons uit ons moeilikhede bevry. Hy wil nie hê dat ons 'n minuut langer benoud voel nie. En daarom stuur Hy sy Seun, ons Geneesheer, ons Heiland.
Vir dié wat graag 'n hart wil hê wat rustig is, liefde ken, warm klop, vir hulle sê die Here: Ek sal dit vir jou gee. Hy gee jou nuwe energie, 'n nuwe gees, sy Heilige Gees. En dan kan 'n mens weer van nuuts af begin leef. En dan luister jy vol dankbaarheid na die instruksies van jou dokter hoe om jou nuwe hart beter op te pas – jy luister opgewek en bly na die leefreëls en instruksies wat God jou vir jou nuwe hart en lewe gee.

As jy dit doen, dan sal jy die ruimte wat God aan jou gee, kan behou. As jy luister na Hom wat aan jou die nuwe hart en lewe gegee het, dan sal jy vol lewenslus en vol vertroue wees en dan kan jy ook gelukkig wees met die ruimte wat Hy aan jou gee.

Hierdie leefreëls is nie benouend of stremmend nie. Glad nie, inteendeel: dit laat jou goed voel. Met dié reëls kan jy weer gesond voluit leef!

Want saam met die nuwe hart wat God beloof en gee, gee Hy ook sy Gees, sodat ons na Hom kan luister. Wie dan goed luister na wat God sê, hoor nie net 'n geweldige Dokter praat oor reëls en regulasies vir 'n gesonde lewenstyl nie, hy hoor sy Vaderhart wat klop... vol liefde... vir jou persoonlik!

Hoor dan wat Hy alles vir jou wil sê:

Jy is my kind.
Ek het jou lief.
Ek wil jou rus en vrede gee.
Ek wil jou foute wegwas met die bloed van my Seun.
Ek wil jou bly maak.
Ek wil vir jou 'n ongelooflike toekoms gee.

Sou jou hart dan nie ook vinniger klop nie? As jy dit alles maar wil glo, dan kan jy leef!

In 'n ander deel van God se brief aan die mense – die Bybel – lees ons:

Ek sal gaan op die weg van u gebooie, WANT U GEE MY RUIMTE! (Psalm 119)

Jy kan hierdie uitspraak vergelyk met iemand wat jare lank aan 'n hartkwaal gely het en aan wie die dokter die goeie nuus gee: "Die operasie was 'n sukses; as jy jou hou aan die voorskrifte wat ek gee, dan kan jy nog jare geniet van jou nuwe lewe". So 'n pasiënt sal immers vol oorgawe en vreugde sy samewerking gee; hy is mos oorstelp van blydskap oor sy tweede kans!

Dit is wat die digter van Psalm 119 ook sê. O Grote God, dankie dat ek 'n nuwe hart het. Baie dankie vir die ruimte wat U my weer gee. Nou weet ek weer wat lewe is. Lewe soos U dit bedoel het. En wat 'n verligting dat dit so anders is as wat hierdie wêreld ons wil laat glo! Ek wil hierdie lewe en vryheid nooit meer verloor nie. En daarom sal ek na U bly luister!

En as ons dan weer Pinksterfees mag vier, dan vier ons eintlik die

feit dat God sy Woord gehou het. God die Heilige Gees het in die harte van baie mense kom woon. En nou klop daardie harte vol warmte en liefde. Met so 'n hart kan jy weer luister na die God wat net die beste vir jou wil hê. Met so 'n hart voel jy soos 'n totaal ander mens, so al asof jy weer gebore is. Wat is u keuse, wat wil jy doen? Met die hart van klip verder probeer leef? Of tog maar liewer 'n hart van vlees waarin die Gees van God wil woon?

Ek sou definitief weet wat om te kies as ek jy was...
Want ek gun jou die beste!
Ek gun jou alle ruimte om te leef!

ERFENIS OP HIERDIE AARDE?

Wilma Pouwels

OPVOEDING EN ONDERWYS

Ouers van jong kinders wat nog nie skoolgaande ouderdom bereik het nie, is gewoonlik salig onbewus van skoolvakansies. Dis omdat hulle nie dié tyd van die jaar met vakansie gaan nie. As hulle wel die pad vat, doen hulle dit alte graag buite seisoen. Baie goedkoper en stiller. Andersins is die enigste aanduiding vir diesulkes dat dit skoolvakansie is, 'n toenemende aantal kinders wat voor twee uur smiddags in woonbuurte en winkelsentrums te sien is, of die staking van sekere kerklike aktiwiteite.

Nasionale vakansiedae is egter algemene besit. Dit raak nie net skoolgaande kinders of ouers met skoolgaande kinders nie, maar ook gesinne met jong kinders. Pa bly op so 'n openbare vakansiedag ook gewoonlik tuis. 'n Vrye dag waarop 'n gesinsuitstappie onderneem word, of agterstallige onderhoudswerk by die huis op datum gebring word.

Min van ons is egter bewus besig met die rede vir 'n nasionale vakansiedag. Dit is dikwels vir veral ons kinders 'n duistere saak. Hulle weet dikwels nie eers hoekom hulle die dag vry het nie.
Behalwe vir die paar godsdienstige vakansiedae soos Goeie Vrydag en Kersdag, wat wel die nodige aandag tuis en in kerkverband kry. (Sien artikel oor "Christelike feesdae, hoe vier ons dit" in *Kompas* April 2007). Vir die res van die vakansiedae is ons as gesinne aangewese op amptelike saamtrekke wat op spesifieke vakansiedae aangebied word, hetsy deur regeringsorganisasies of kerkgemeenskappe. En dit hang dan van die ouers af of die kinders by die vieringe gaan uitkom!

In Suid-Afrika is daar "12" nasionale/openbare vakansiedae, waarvan net Goeie Vrydag en Kersdag godsdienstige feesdae is. Die grootste gedeelte van die openbare vakansiedae is dae wat verband hou met politieke verwikkelinge in ons land.

Dan is daar ook nog dae wat op dieselfde dag regoor die wêreld herdenk word, soos bv. Wêreldgesondheidsdag, Wêreldomgewingsdag, **Wêrelderfenisdag (18 April).** Hierdie dae word gehou op 'n normale werksdag, waar daar dan gefokus word op hierdie spesifieke onderwerpe: omgewing, gesondheid, erfenis…. Dit is vir vele lande se regerings noodsaaklik dat die wêreld saam besig is met hierdie sake. Dit maak mense bewus van hul omgewing en medeaardbewoners.

Mense in verskillende lande word op dié dag aangemoedig om byvoorbeeld:

- Monumente en ander besienswaardighede te gaan besoek. (Dit word in sommige lande op dié dag gratis aangebied.)
- Artikels te lees wat in koerante en tydskrifte gepubliseer word.
- Nasionale en internasionale kenners word na konferensies en vir onderhoude genooi.
- Ophang van vlae en baniere in dorpe en stede wat die aandag vestig op die behoud van elkeen se kulturele erfenis.
- Uitstallings van bv. skilderye en foto's wat gebeure in die verlede uitbeeld.
- Publikasie van boeke, poskaarte, seëls en plakkate.
- Die toeken van pryse aan persone en organisasies wat uitstaande bydraes maak of

gemaak het tot die behoud van kulturele erfenisse, of uitstekende publikasies die lig laat sien het.
- Inhuldiging van ‘n onlangs gerestoureerde monument of gebou.
- Spesiale aktiwiteite om bewustheid onder skoolkinders en jeug te bevorder.
- Promosie van gesamentlike geleenthede tussen organisasies, uitruil van sprekers en die organisering van gesamentlike byeenkomste en seminare, of die redigering van gesamentlike publikasies.

Op 24 September vanjaar het ons weer ons nasionale Erfenisdag gevier, soos wat elke jaar vir die afgelope 12 jaar reeds gedoen is. ‘n Dag wat met die oorgang na ‘n nuwe SA in 1994 ingestel is, en vir die eerste keer op 24 September 1995 gevier is. (Dit staan deesdae ook bekend as Nasionale “braaidag”, hoewel die benaming meer verwys na iets wat ‘n mens op die dag kan doen, veral gesien die seisoen waarin die dag val.)

Die regering het dit goedgedink om ‘n dag uit te sonder waarop alle Suid-Afrikaners hul erfenis kan gedenk. “Niemand in hierdie land mag vergeet wie en wat hy is en waar hy vandaan kom nie. Elkeen moet op dié dag die geleentheid kry om sy/haar kultuurgeskiedenis in ere te hou.”
Oud-pres. Nelson Mandela het juis na aanleiding van hierdie dag die woord “reënboognasie” gebruik. ‘n Verskeidenheid uiteenlopende kulture, gebruike en tradisies bied immers ‘n kleurryke verskeidenheid. Klem moet egter gelê word op die uitreiking na ander. Nie net eie kulture van afsonderlike groepe moet beklemtoon word nie, maar ‘n uitreiking oor kultuurgrense heen. Nasionale eenheid, nasiebou, versoening en ‘n trots vir jou land en sy mense word benadruk.

‘n Groot deel van ons erfenis in Suid-Afrika is ons natuurlewe en natuurskoon. Ons land het geen gebrek aan ‘n verskeidenheid van plant- en dierelewe en nasionale parke nie. Maar ook plekke van wetenskaplike of geskiedkundige belang, nasionale monumente, historiese geboue, kunswerke, literatuur, musiekstukke, mondelinge tradisies en museumversamelings is deel van ons erfenis.
Alles dinge wat ons moet bewaar as erfenis vir ons nageslag, ons kinders. Die SA Geloofsgemeenskapsinstituut, wat in 2005 in die lewe geroep is, se doelwit is onder meer om “respek vir die aarde en lewe” te bevorder, en om die wonder van die Skepping vir huidige en toekomstige geslagte te bewaar.”

Maar hoe staan ons as gelowiges teenoor Erfenisdag? Volgens die woordeboek is ‘n erfenis “besittings wat ‘n mens nie deur eie inspanning verwerf het nie”. Dis presies wat ons glo; dit wat ons hier op aarde het, is nie deur eie inspanning verwerf nie, maar dis by die skepping alles vir ons gegee, met ‘n opdrag daarby. God die Here roep ons om sy skepping te onderhou en daarin te arbei, tot uitbouing van sy Koninkryk. Ons is daarom **mede-arbeiders** van God. God voorsien en gebruik mense, engele, diere, plante, hemelliggame om sy plan uit te voer.
Ons het ‘n Godgegewe opdrag ontvang. ‘n Kultuuropdrag, om ons gawes en kragte te ontplooi en toe te pas in hierdie wêreld waarin ons leef. Sodat sy Naam verheerlik en uitgedra word.
Dit is ons taak om elke geleentheid aan te gryp om so ons roeping op hierdie aarde uit te dra.
Vir die res sorg God: Die God van ons heil *“…wat die berge grondves deur u krag, wat omgord is met mag, wat die gebruis van die seë stilmaak, die gebruis van hulle golwe….”* (Psalm 65)
“o HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!”
“As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het-”
“U laat hom (die mens) heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel;” (Psalm 8)

Die hele lewe van die gelowige mens is aanbidding, lof en diens aan God. Die mens bewoon God se aarde. En het die opdrag om dit te bewerk, te bewaar, en beplannend en vermeerderend besig te wees. Sodat ons kinders ná ons dieselfde voorbeeld kan volg; eintlik kan ‘n mens eeder sê: dieselfde Godgegewe opdrag kan uitvoer, weer vir hulle nageslag, totdat die Here Jesus weer terugkom op die wolke.
Alles op hierdie aarde is vir lewende mense ‘n tydelike erfenis. En op hierdie aarde, met sy tydelike erfenisse, moet ons ‘n verskil maak. Alles is net maniere en geleenthede wat ons ontvang om God te dien, op hierdie pad wat ons loop, na die ewige erfenis.
Ons land Suid-Afrika is nie die enigste plek waar diversiteit sigbaar is in die natuur, die volkere, tale, kulture, ens nie. God versamel ook sy kerk uit verskillende volke. In Christus se kerk is ook ‘n diversiteit van mense en hul erfenisse op aarde.

So is ons saam **rentmeesters,** ontvangers en beheerders van God se eiendom. En mede-arbeiders wat **saam** werk aan hierdie rentmeestertaak van ons.
Elke mens het ‘n opdrag op die plek waar God hom/haar plaas. Hierdie opdrag vereis die neem van besluite, keuses wat gemaak moet word, beginsels wat uitgeleef moet word. Nadink oor en beoordeling van verskille. Dit is nie ‘n eenvoudige taak nie.

Dis byvoorbeeld maklik om Erfenisdag te vier in jou eie veilige omgewing. Waar jy deel is van die bekende. Jy weet wat jy het, jy weet waarin jy glo, ***jy weet wat jy aan jou kinders wil oordra,*** jy is gemaklik met die bekende. En so bevestig, beskerm en beleef jy jou eie erfenis. Dit wat vir jou waardevol is.

Wat vir jou egter belangrike erfenis is, is vir ‘n ander minder waardevol

en minder sinvol. Om saam met ander 'n dag soos Erfenisdag te beleef, is "harde werk"! Dit beteken om uit te beweeg, en ander se erfenis raak te sien en te beleef. Wat van 'n Erfenisdag saam met ander kulture in ons kerkgemeenskap!

Waar daar deur middel van sport, spele, lesings en die blote saamwees, die ander se bekende, veilige omgewing beleef kan word. So kan begrip en respek vir verskille aangeleer word. Dit kan selfs die gevare wat bestaan wanneer te veel klem op 'aardse erfenis' geplaas word, uitwys.

Die saamwees lei tot begrip vir mekaar se verskillende "erfenisse" op hierdie aarde. Die gemeenskaplike "erfenis" is egter dit wat ons saambind. Die erfenis in Christus. En dis wat tel.

N.a.v. die artikel in die Julie-uitgawe: "Die boelie en die slagoffer", het die skrywer van die artikel, Heleen Snijder, laat weet dat sy 'n reaksie hierop gekry het: "Die persoon 'klein maar dapper' voel dat dit nie net kinders is wat boelies kan wees nie. Ook volwassenes kan 'n ander volwassene boelie. Dit is goed dat ook volwassenes hulle woorde weeg, voordat hulle opmerkings maak."

WEES WARM OF KOUD, MAAR NIE LOU NIE!

Ds Erik van Alten

ELDERS GELEES

Ons bely in antwoord 114 van die Heidelbergse Kategismus: "…selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid…" Nog maar 'n geringe begin – daar is dus in hierdie lewe allermins geleentheid vir tevrede wees en agteroor sit. En nog minder is daar plek vir die leer van die perfeksionisme – dit is die gedagte, afkomstig van John Wesley en sy volgelinge, dat daar ná die regverdiging 'n tweede seën ('second blessing') vir die gelowiges toegevoeg word, wat hulle in staat stel om sondeloos (perfek) te lewe.
Maar die Skrif – en in navolging daarvan ook ons belydenis – maak baie duidelik dat die leer van die perfeksionisme in stryd kom met die "ek, ellendige mens" van Romeine 7. Daarenteen leer die Skrif dat ons altyd vergifnis nodig het (Ps. 130:3; Matt. 6:12; Jak. 3:2), dat die stryd tussen vlees en Gees 'n lewenslange stryd is (Rom. 7:15-26; Gal. 5:17), en dat hierdie stryd ons laat verlang na die voleinding (Fil. 3:12-14).

Dus, in hierdie lewe maak ons slegs'n geringe begin op die pad van die heiliging. Natuurlik, in Christus *is* ons alreeds heilig (1 Kor. 1:30)! Maar nou moet ons vervolgens ook hoe langer hoe meer ***word*** wat ons ***is***! En in hierdie wordingsproses vorder ons slegs met klein en stadige babatreetjies. Niemand het dus die weelde om in selftevredenheid agteroor te sit nie; die heiliging bly 'n voortdurende stryd. Geen plek vir stagnasie nie… Hieroor skryf prof. Paul de Bruyn baie duidelik in die Maart 2007-uitgawe van *Die Kerkblad* van die GKSA. Ek laat u 'n gedeelte saamlees:

Een van die gevare wat die kerk van die Here telkens deur die eeue heen bedreig het, is stagnasie. Dan word die belewing van jou godsdiens 'n sleur – 'n lewenswyse waarin sekere godsdienstige handelinge uitgevoer word, maar sonder toewyding en entoesiasme, sonder ernstige besinning oor die werklike inhoud en betekenis daarvan. Dan loop 'n mens die gevaar om uiterlik krampagtig aan sekere vorms vas te hou, terwyl daar innerlik verstar word sonder tekens van groei en ware lewe.

Vervolgens gaan prof. De Bruyn daartoe oor om hierdie inleiding vanuit 1 Thessalonicense 3 en 4 te staaf:[1]

In Tessalonika

Paulus het op sy tweede sendingreis in Tessalonika aangekom en vir ongeveer drie weke die evangelie daar verkondig. Die resultaat was dat 'n groot getal mense tot bekering gekom het (Hand. 17:4). In sy bediening in Tessalonika het daar egter skielik 'n wending gekom. Die ongelowige Jode het 'n opstand teen hom en die ander gelowiges georganiseer. Die gevolg was dat hy in die nag moes vlug. Hy vertrek dus noodgedwonge voordat hy sy werk kon afrond.

Na sy vertrek was Paulus heilig bekommerd oor die gelowiges daar, want hy het gevrees dat hulle dalk weer teruggesak het in die heidendom. Hy het gevrees dat, soos hy dit self stel, die verleier hulle verlei het

[1] De Bruyn gebruik die Nuwe Afrikaanse Vertaling vir sy Skrifverwysings.

en dat sy harde werk op niks uitgeloop het nie (3:5). Hierdie bekommernis was so erg dat – soos hy self twee maal sê (3:1,5) – hy dit nie langer kon uithou nie. So het hy die belange van hierdie kerk op sy hart gedra. Daarom het hy Timoteus gestuur om te gaan uitvind hoe dit daar gaan. En wanneer hy hierdie brief aan hulle skryf, het Timoteus pas van hulle af teruggekom en aan hom die goeie tyding gebring dat hulle vas staan in hulle geloof in en liefde vir die Here (3:8.).

Dit het Paulus baie bly gemaak. In 3:7 gee hy uiting aan hierdie blydskap as hy sê: "Daarom, broers, het ons in al ons nood en swaarkry weer moed geskep vir julle omdat julle nog glo." En dan is dit asof Paulus daarna in vers 8 byna jubelend uitroep: "Omdat julle vas staan in die Here, leef ons nou weer werklik."

Doen nog meer

'n Mens kon verwag het dat Paulus op hierdie stand van sake sou reageer deur aan die kerk van Tessalonika te sê: Mense, julle het nou 'n pragtige peil in julle geloofs- en kerklike lewe bereik. Bly nou daarby! Handhaaf dit! Moet nie weer terugsak nie!
Maar dan is dit baie opvallend dat Paulus dit nie doen nie; inteendeel, hy spoor hulle baie ernstig aan om die Here met nog groter oorgawe en toewyding te dien. En hy doen dit boonop twee maal kort na mekaar.

In 4:1 sê hy: "Julle het van ons geleer hoe God wil hê julle moet lewe. Julle doen dit ook, maar in die Naam van die Here Jesus versoek ons julle dringend: LÊ JULLE NOG MEER DAAROP TOE" (1953-vertaling: "Ons vra en vermaan julle dat julle ... nog oorvloediger mag wees"). In aansluiting daarby is verse 4:9-10 veral opvallend. Daarin toon Paulus aan hoe goed dit met die kerk in Tessalonika gesteld is, maar desondanks vermaan hy hulle om die Here met nog groter oorgawe te dien. Hy sê: "Oor die broederliefde hoef ons nie aan julle te skrywe nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê. En dit doen julle ook teenoor al die broers in die hele Masedonië. Ons versoek julle egter dringend, broers: LÊ JULLE NOG MEER DAAROP TOE" (1953-vertaling: " ... om oorvloediger te wees").

Iemand sou hierop kon reageer deur te vra: Maar is Paulus nooit tevrede nie? Selfs die allerbeste in die kerklike lewe is skynbaar vir hom nie goed genoeg nie.
Wie so reageer, weet nie waarom dit hier gaan nie en ken nie die gevaar van die inwerking van die sonde nie. Hoe goed dit ook al in die kerk van Tessalonika gesteld was, was daar tog nog baie wat ontbreek het. In 3:10 sê Paulus dat hy nog wil aanvul *wat daar aan hulle geloof* ontbreek. *En in 4:3 sê hy aan hulle dat hulle hul van onsedelikheid moet weerhou en heilig moet lewe.*

Uit die indikatief van die regverdigmaking vloei die imperatief van die heiligmaking voort, en hier neem dit 'n besondere gestalte aan in die vermaning om hulle nog meer daarop toe te lê *om die Here te dien.*

Stilstand is onmoontlik

Op die pad van heiligmaking, die pad van ware bekering, is daar nooit stilstand nie: jy gaan net vooruit of agteruit. Stilstand of 'n blote handhawing van die bestaande sonder meer, is reeds agteruitgang.
Daarom is stilstand en stagnasie in ons diens aan die Here so gevaarlik. Uiterlik lyk dit goed, want daar word nog aan sekere gebruike en vorms vasgehou. Maar innerlik word dit leeg en verdwyn die entoesiasme. Daarom, al was dit hoe goed gesteld met die kerk in Tessalonika, sê Paulus nog aan hulle dat hulle oorvloediger moet wees in hulle diens aan die Here. Hulle moet hulle nog meer daarop toelê. Dit is ook van groot belang in ons persoonlike geloofslewe: in my gebede, my Skrifstudie, my meelewing met medegelowiges, my roeping om die lig van die wêreld en die sout van die aarde te wees, my diens in die kerk, en nog baie meer sake; mag daar nooit 'n punt kom waarin ek sê: "Dit is voldoende" nie. Nee, steeds moet ek voor God wat alles weet, besin hoe ek nog oorvloediger *in sy diens en in persoonlike geloofsgroei kan wees: kwantitatief en kwalitatief.*
En die motivering vir hierdie nog oorvloediger *lewe in die diens van die Here is geleë in die oorvloed van God se genade wat Hy in Christus aan ons bewys het. Johannes (1:16) sê so treffend daarvan: "Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang." En die Heilige Gees het hierdie oorvloed van God se genade tot ons eiendom gemaak.*
Daarom moet ons voortgaan op die pad van heiligmaking, die nog oorvloediger lewe in sy diens. En dit is nie iets wat aan ons eie keuse oorgelaat word nie. Ons móét *dit doen, want Paulus stel dit baie sterk in 4:8 as hy sê: "Wie hierdie voorskrifte verwerp, verwerp dus nie maar net 'n mens nie, hy verwerp God wat ook sy Heilige Gees aan julle gegee het."*

Duidelik word hier vanuit die Skrif aangetoon dat ons nooit klaar is op die pad van heiligmaking nie. Nooit mag ons in valse gerustheid gaan stilstaan nie, nooit kan ons sê dat 'n gelowige of 'n gemeente die ideale peil bereik het nie. Altyd maar weer moet daar 'n volgende babatreetjie gegee word.
Hierin lê daar ook vir die kerkverband 'n baie belangrike boodskap: die lewe in 'n kerkverband mag nooit 'n gestolde vorm kry nie; altyd weer moet daar die strewe wees om verder te kom in ons kerkverbandelike saamleef. Die louheid van gestolde vorme en die stagnasie van outomatisme moet vir die kerkverband 'n voortdurende vyand bly. Immers, ook vir die kerkverband bly die driemaal heilige God die standaard; ook vir die kerkverband geld: wees heilig, want Ek is heilig.

GAY-HUWELIKE

Willie Spies

POLITIEK

God het die huwelik self ingestel. Nadat Hy die mens geskape het, het Hy gesê dit is nie goed dat die mens alleen is nie. "Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas". En so is die vrou geskape.

Hierdie skeppingsorde word deur Jesus Christus bevestig wanneer Hy sê: "Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie? Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef en die twee sal een vlees wees".

Op sig lyk dit voor-die-hand-liggend: God se skeppingsorde staan vas. Huwelike is instellings tussen een man en een vrou. Enige afwyking daarvan doen afbreuk aan die skeppingsorde wat God daargestel het.

Maar die mensdom het reeds soveel aanpassings gemaak en kerke was vinnig om te volg. Die skeppingsverhaal word nie eens deur universiteite en skoolleerplanne as 'n gegewe aanvaar nie, wat nog te sê die skeppingsorde wat uit daardie verhaal na vore kom?

Komiteeverslag van Hervormde Kerk

Aan die einde van verlede maand (September) het die Hervormde Kerk van Suid-Afrika op sy driejaarlikse algemene kerkvergadering (AKV) in Pretoria die rol van homoseksuele ofte wel *gay* lidmate se rol in die kerk bespreek.
In 'n verslag van die komitee vir studie en gesprek oor homoseksualiteit, wat voor die kerkvergadering sou dien, voer die komitee aan dat die vorm van huwelike en die verstaan van seksualiteit (ook in die Bybel) saam met kulture verander.

Hulle voer aan dat Jesus die kwessie van onreinheid gekoppel het aan mense se gesindheid en nie bloot aan dade nie. Verder sê die komitee dat dit nie die kerk se taak is om daarop aan te dring dat iets so inherent soos seksuele oriëntasie moet verander nie. Hulle verwerp ook standpunte van mense wat sê hulle kan nie help as die "objektiewe waarheid" in die Bybel mense seermaak nie. Die Hervormde Kerk het nooit so 'n Skrifbeskouing gehuldig nie, lui die verslag.

Die komitee het dan 'n roetekaart vir die kerk voorgestel wat onder meer sê:

- Die Bybel bevat negatiewe kultuur-bepaalde uitsprake oor wat soms vertaal word met "homoseksuele gedrag". Die Bybel se bedoeling is egter nie om kultuur die norm te maak nie. Die norm van die Bybel is dat alle gelowiges uit die evangelie leef en die Protestantse vertrekpunt is dat redding op geloof alleen berus.
- Seksuele minderhede bestaan en van hulle is lidmate van die kerk, wat soos ander gelowiges deur die kerk tot 'n Geesvervulde lewe begelei word.
- Alle gelowiges is deel van die liggaam van Christus, en die eenheid van dié liggaam is 'n evangeliese eis. Daarom is lidmate wat tot seksuele minderhede behoort, welkom in die kerk.
- Die huidige kerklike praktyk maak slegs voorsiening vir heteroseksuele lewensverbintenisse. Die kerk word versoek tot voortgesette navorsing oor betekenisvolle verhoudingsmoontlikhede vir alle mense.

Die minderheidsverslag beveel aan dat alle mense, ongeag hul seksuele oriëntasie, welkom is in die kerk en beaam die siening dat die eenheid van die kerk 'n evangeliese eis is. Hulle bly egter by die standpunt dat die heteroseksuele huwelik volgens die Bybel die enigste ruimte is waarbinne seksuele aktiwiteite mag plaasvind. Dié verslag vra dat homoseksuele mense selibaat lewe.

Met die skryf van hierdie artikel was dit nog nie duidelik wat die Hervormde Kerk aangaande hierdie verslag sou besluit nie, maar wat ook al die uitslag, bly dit betekenisvol dat standpunte soos hierdie reeds gehuldig word in meerderheidsverslae van 'n bekende Afrikaanse kerk in Suid-Afrika.

Soortgelyke debatte woed ook reeds in die Nederduits-Gereformeerde Kerk en in Christelike kerke wêreldwyd.

Die Wet op Burgerlike Verbintenisse, 2006

Die Suid-Afrikaanse parlement het egter nie op kerke gewag om eenstemmigheid te bereik oor wat Gods Woord oor die saak bepaal nie. In November verlede jaar is die Wet op Burgerlike Verbintenisse deur die parlement gevoer.

SA to debate gay marriage
21/09/2006 09:20 - (SA)

Die wet het, interessant genoeg, nie sonder meer die *huwelik* as instelling oopgestel vir persone van dieselfde geslag nie. Die Huwelikswet, wat huwelike tussen man en vrou reguleer en die Wet op Gebruiklike Huwelike, wat huwelike volgens tradisionele Afrika-tradisies reguleer, het onveranderd gebly.

Die Wet op Burgerlike Verbintenisse het egter ‘n derde kategorie verbintenisse ingestel. Dit sou bekend staan as burgerlike verbintenisse. Enige twee persone ouer as 18 wat verkies om ‘n burgerlike verbintenis aan te gaan, kan dit in terme van die wet doen. Huweliksbevestigers wat daarom genader word, kan burgerlike verbintenisse bevestig, maar kerke en huweliksbevestigers wat gewetensbesware het teen die bevestiging van burgerlike verbintenisse, kan die Minister dienooreenkomstig in kennis stel. Nietemin is al die regsgevolge van ‘n burgerlike verbintenis dieselfde as dié van ‘n huwelik.

'We don't want this nonsense'
03/10/2006 21:19 - (SA)
“Nelspruit - Most people in Mpumalanga are opposed to gay marriages and believe that they will provoke violent retribution from God.”

Terwyl daar dus wel waardering was vir die feit dat wetmakers nie gehoor gegee het aan versoeke uit onder andere sekere DA-geledere om eerder net die Huwelikswet te verander om die huwelik as instelling ook tot gay-pare se beskikking te stel nie, is die kritiek uit Christen-geledere steeds dat die regsgevolge van ‘n burgerlike verbintenis steeds dieselfde is as by ‘n huwelik. ‘n Gay-“egpaar” sal dus dieselfde regte as ‘n normale egpaar hê wanneer dit kom by aanneming van kinders en die plasing van pleegkinders.

Die wet was die resultaat van maandelange omstredenheid in die parlement. Die ANC was bitterlik verdeeld oor die wet, met konserwatiewe, tradisionele en selfs Moslem-faksies binne die regerende party wat openlik hulle teenkanting teen die wet te kenne gegee het. Uiteindelik het die ANC daarin geslaag om sy lede te forseer om vir die wet te stem.

Die DA het ‘n vrye stem vir sy lede toegelaat, met die meerderheid DA-lede in die parlement wat vir die wet gestem het.

Christians mass against gay bill 16/09/2006 21:05 - (SA)

Die VF-Plus, die ACDP en ander Christelik-georiënteerde partye het téén die wet gestem.

Die wet is uiteindelik deur die Nasionale Vergadering aanvaar en op 29 November verlede jaar deur President Thabo Mbeki geteken. Op die eerste dag ná die ondertekening van die wet het koerante met groot geskal die eerste “huwelike” tussen persone van dieselfde geslag aangekondig. Koerantfoto’s van die skryfster Jackie Nagtegaal en haar vriendin Vera van der Merwe se “troue” in Melkbosstrand het ‘n reuse openbare reaksie uitgelok.

Die vraag wat nou ontstaan, is wat Christene met hierdie geskarrel moet maak. Die Hervormde Kerk se *ad hoc*-komitee beveel soos volg aan: “Die huidige kerklike praktyk maak slegs voorsiening vir heteroseksuele lewensverbintenisse. Die kerk word versoek tot voortgesette navorsing oor betekenisvolle verhoudingsmoontlikhede vir alle mense.”

Kerklike praktyk of Godgegewe opdrag

Interessant genoeg verwys die komitee-verslag van die Hervormde Kerk na die gebruik in die kerke om huwelike slegs tussen mans en vroue te bevestig as die “huidige kerklike praktyk”.

“Huidige kerklike praktyk” veronderstel twee dinge. Eerstens tydelikheid van die “praktyk” en tweedens die kerk eerder as God as bron daarvan.

Sonder om weer eens op die Skrifgesag in te gaan - wat duidelik God se skeppingsorde met betrekking tot die huwelik en seksuele gedrag bevestig - kan volstaan word by die beginsel dat ons opdrag bly om, soos Christus, sondaars lief te hê, maar die sonde te haat.

Christene kan die sonde nooit sanksioneer of kondoneer deur op welke wyse ook al erkenning te gee aan verhoudings wat God in die Skrif veroordeel nie. God verwag van ons om Hom te dien soos Hy voorskryf en nie soos ons van tyd tot tyd goeddink nie.
Terwyl Christene sondige mense met die deernis en liefde wat Jesus geopenbaar het, in die geloofsgemeenskap moet ontvang en bedien, moet ons ook Christus se voorbeeld volg wanneer hy aan ‘n sondige mens sê: “Gaan heen en sondig nie meer nie.”

DIE *NUWE LEWENDE VERTALING* - 'n dinamiese Afrikaanse Bybel

Prof Gert Jordaan, Teologiese Skool GKSA, Potchefstroom

IN DIE KERKBLAD GELEES

Artikel oorgeneem uit *Die Kerkblad* van Junie 2007, met toestemming

Teen die einde van 2006 het die nuutste Afrikaanse vertaling van die Bybel op die rak verskyn. Dit staan bekend as die ***Nuwe Lewende Vertaling***. *Soos met elke ander vertaling van die Bybel, moet daar ook van hierdie nuwe vertaling met blydskap kennis geneem word. Terselfdertyd plaas die verskyning van elke nuwe vertaling 'n groter verantwoordelikheid op Bybellesers om tussen verskillende soorte Bybelvertalings te onderskei, en om die spesifieke gebruiksveld van die nuwe vertaling raak te sien. So nie, kan groot verwarring ontstaan.*

Die manier waarop die *Nuwe Lewende Vertaling* vanjaar in die media bekendgestel is, het ongelukkig tot groot verwarring gelei. Dit is bekendgestel as "uiteindelik die langverwagte, nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans". Die gevolg was dat hierdie vertaling verwar is met die nuwe Afrikaanse vertaling waarmee die Afrikaanse kerke verlede jaar, onder leiding van die Bybelgenootskap, begin het – die bronteks-georiënteerde vertaling wat onder meer op versoek van die Gereformeerde Kerke (Sinode 1993) aangepak is.

Die verwarring blyk uit die talle oproepe wat die Bybelgenootskap ontvang het, waarin mense hulle verbasing uitgespreek het omdat die nuwe vertaling so vinnig afgehandel is. Dié vertaling is egter nog baie ver van klaar af. Na alle verwagting sal dit eers vroeg in die volgende dekade verskyn.

Waar kom die *Nuwe Lewende Vertaling* vandaan?

Uit die opmerkings hierbo is dit al duidelik dat die *Nuwe Lewende Vertaling* nie 'n amptelike vertaling van kerke en die Bybelgenootskap is nie. In werklikheid het hierdie vertaling die lig gesien op inisiatief van 'n kommersiële uitgewersmaatskappy, CUM (Christelike Uitgewersmaatskappy). Met die onlangse verskyning van die Engelse vertaling van Tyndale House, bekend as die *New Living Bible*, het die uitgewers gesien dat daar by ons 'n mark bestaan vir 'n soortgelyke vertaling in Afrikaans.

Daarop het CUM twee akademici van Pretoria genader, proff. Wil Vosloo en Andrie du Toit, en hulle gewerf om die leiding te neem in die samestelling van so 'n Afrikaanse weergawe. Uit die geledere van die GKSA het daar op die ou einde twee persone as medewerkers opgetree – prof. Fika van Rensburg van die Teologiese Skool en dr. Wim Vergeer, tans predikant van Krugersdorp.

Die hele idee met die vertaling was om 'n Afrikaanse weergawe van die *New Living Bible* uit te gee. Daartoe het die uitgewers toestemming verkry by Tyndale House, op voorwaarde dat die Afrikaanse weergawe nie te veel van die *New Living Bible* sal afwyk nie. Volgens die samestellers wyk die *Nuwe Lewende Vertaling* op die ou einde omtrent 15% of soms 'n bietjie meer van die *New Living Bible* af.

Kortom, die *Nuwe Lewende Vertaling* is nie 'n amptelike vertaling wat in opdrag van die kerke deur die Bybelgenootskap plaasgevind het nie. Dit is 'n kommersiële vertaling wat daarop gemik is om in Afrikaans 'n vertaling soortgelyk aan die *New Living Bible* vir die Suid-Afrikaanse leserspubliek daar te stel.

Aard van die *Nuwe Lewende Vertaling*

Dit blyk dus dat die *Nuwe Lewende Vertaling* basies dieselfde soort vertaling as die *New Living Bible* is. Watter soort vertaling is dit? Kom ons luister na wat die vertalers self sê. In die voorwoord sê hulle dat hulle probeer het om "die boodskap van die grondteks op 'n lesersvriendelike manier in keurige, eietydse Afrikaans" met vandag se lesers te laat praat. "In die praktyk," sê hulle, "is dit dinamies."

'n Vertaling wat "in die praktyk dinamies is", berus op die sogenaamde dinamies-ekwivalente (of dan funksioneel-ekwivalente) benadering. Volgens hierdie benadering vertaal 'n mens nie woorde nie, maar betekenisse. In Afrikaans gee 'n dinamiese vertaling dus nie noodwendig die woorde van 'n Bybelteks weer nie, maar veel eerder die betekenis daarvan. So is ook die *Nuwe Lewende Vertaling* in praktyk 'n "betekenis-vertaling".

Natuurlik is hierdie nie die eerste dinamies-ekwivalente vertaling van die Bybel in Afrikaans nie. Ook die vertaling van 1983 was op die dinamies-ekwivalente lees geskoei. Verder was daar ook verskeie kommersiële Afrikaanse vertalings wat dinamies-ekwivalent saamgestel is, soos *Die Lewende Bybel* (1982) en *Die Boodskap* (1997), albei uitgegee deur CUM.

Dit lei tot die vraag: Waarom gebeur dit dat daar soveel verskillende dinamies-ekwivalente vertalings verskyn? Dit gebeur hoofsaaklik om twee redes:

- Die eerste rede is dat 'n dinamies-ekwivalente vertaling 'n betekenis-vertaling is. Dikwels vertaal dit egter nie "dié betekenis" van die teks nie, maar 'n betekenis wat *die vertalers* aan die teks heg. Die vertaling is dus 'n weergawe van hoe die vertalers die Bybelteks verstaan. Dit kan daarom ook 'n interpretasie-vertaling of 'n verklarende vertaling genoem word. En nou weet ons dat verklaarders dikwels onder mekaar verskil oor wat 'n Bybelteks beteken. Waarom anders is daar so 'n groot verskeidenheid van kommentare op die Bybel? Dit is ook so met Bybelvertalers. Verskillende interpretasies deur vertalers kan tot verskillende vertalings lei.
- Die tweede en belangriker rede is dat dinamies-ekwivalente vertalings nie almal ewe dinamies is nie. Ons kan die verskillende vertalings as 't ware op 'n glyskaal plaas, waarop sommige minder en ander meer dinamies vertaal is. Om die waarheid te sê, is ook die 1933/53-vertaling, wat gewoonlik as 'n "letterlike vertaling" bestempel word, tog in 'n geringe mate dinamies vertaal. Aan die ander kant is *Die Boodskap* só dinamies vertaal dat 'n mens dit byna 'n vrye vertaling kan noem, hoewel dit darem nie heeltemal los van die oorspronklike teks is nie. En êrens tussen die twee uiterstes lê die 1983-vertaling, die *Lewende Bybel* en nou ook die *Nuwe Lewende Vertaling*.

Laasgenoemde drie vertalings – die 1983-vertaling, die *Lewende Bybel* en die *Nuwe Lewende Vertaling* – is al drie dinamiese vertalings. Van die drie is die 1983-vertaling egter die minste dinamies en die *Lewende Bybel* die meeste so. En die *Nuwe Lewende Vertaling* bevind hom êrens tussen dié twee.

Om dit te illustreer, kan ons die verskillende vertalings se onderskeie weergawes van Matteus 5:17 met mekaar vergelyk. Ter wille van duidelikheid is ook die vertalings van die 1933/53-vertaling en *Die Boodskap* in die vergelyking hieronder bygevoeg.

'33/53-vertaling	***'83-vertaling***	***Nuwe Lewende Vertaling***	***Lewende Bybel***	***Die Boodskap***
Moenie dink dat Ek gekom het om die wet en die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.	Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hul volle betekenis te laat kry.	Julle moenie die rede vir my koms misverstaan nie. Ek het nie gekom om 'n streep deur die wet of die profete te trek nie. Nee, Ek het gekom om die ware bedoeling van God se wet te laat uitkom.	Julle moenie dink dat Ek gekom het om opsy te skuif wat daar in die Skrif staan nie. Ek het gekom om die dinge wat in die Skrif staan, te laat uitkom en dit klaar te maak, nie om dit tot niet te maak nie.	Verstaan My mooi! Ek is nie hier om die wet van Moses en die profete tot niet te maak nie. Glad nie! Ek is juis hier sodat julle presies kan weet hoe julle die wet moet gehoorsaam.

Ons sou enige ander Bybelteks kon neem en die vertalings met mekaar vergelyk. En ons sou min of meer dieselfde prentjie voor ons hê. Die *Nuwe Lewende Vertaling* is beslis 'n meer dinamiese vertaling as die 1983-vertaling, maar nie soveel soos die *Lewende Bybel* of *Die Boodskap* nie.

Gebruiksmoontlikhede van die *Nuwe Lewende Vertaling*

Wanneer 'n mens die besondere aard van die *Nuwe Lewende Vertaling* in ag neem, is dit duidelik dat dit nie sommer maar soos enige ander vertaling van die Bybel gebruik kan word nie. Dit kan nuttig gebruik word by geleenthede waar die lesers meer in die betekenis van 'n teks belangstel as in die bewoording daarvan. Na my mening is Bybelstudie juis so 'n geleentheid.

Boonop moet dan in gedagte gehou word dat die betekenis wat in die *Nuwe Lewende Vertaling* na vore

gebring is, maar een van verskeie betekenismoontlikhede is. In die geval van Matteus 5:17 wat hierbo as voorbeeld gebruik is, moet die leser dus kies tussen die verklaring dat Jesus gekom het om die wet en die profete "hulle volle betekenis te laat kry" (1983-vertaling), "om die ware bedoeling van God se wet te laat uitkom" (NLV), "om die dinge wat in die Skrif staan, te laat uitkom en dit klaar te maak" (LB), of "sodat julle presies kan weet hoe julle die wet moet gehoorsaam" (DB).

Alles in ag genome, is die waarskynlikste plek waar die *Nuwe Lewende Vertaling* gebruik gaan word, by Bybelstudie. In Bybelstudie is dit tog belangrik om verskillende verklarings van dieselfde Bybelteks met mekaar te vergelyk. Een so 'n verklaring word dan gebied deur die *Nuwe Lewende Vertaling*.

"DOODGEWOON CHRISTEN" - CS Lewis in Afrikaans!

Louise Haak

BOEKBESPREKING

Die baie bekende Clive Staple Lewis het 'n hele aantal boeke geskryf, waaronder *Mere Christianity*. Hierdie boek is nou beskikbaar in Afrikaans, vertaal deur Andries Cilliers.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het CS Lewis radiopraatjies gehou in die deur bomme geteisterde Engeland. Die opdrag van die BBC was dat hy vir sy mede-Britte die Christelike geloof moes uitlê. Juis in daardie tyd van geweld wat woed. Dood en vernietiging, verlies en pyn het skielik deel geword van die alledaagse realiteit.
Daardie radiopraatjies is gelewer vanaf 1942 tot 1944 en is uiteindelik in die boek *Mere Christianity* versamel.
CS Lewis het die taak verrig asof dit die mees eenvoudige, maar ook die belangrikste saak op aarde is.
Hierdie boek bestaan gelukkig nie uit 'n klomp akademiese of filosofiese nadenke nie, dit is gesprekke met mense in 'n oorlogsituasie.
Soos die skrywer in sy voorwoord sê: "Hierdie boek gaan jou nie help as jy dalk sukkel om te besluit aan watter Christelike kerk jy moet behoort nie. My enigste fokus is om die *Christelike geloof,* soos dit deur amper alle Christene van alle tye met mekaar gedeel word, te probeer uitlê en verdedig."
Lewis kon met gesag skryf op grond van sy eie ervaring. As 'n leek en 'n eertydse ateïs vertel hy vir sy radiogehoor dat hy gekies is nie omdat hy 'n kenner is nie, maar juis as amateur, 'n beginner eerder as 'n gesoute Christen. In *Doodgewoon Christen* wil hy ons help om met nuwe oë na die Christelike geloof te kyk.

Hy kyk na begrippe soos: *Reg en verkeerd as leidrade oor hoe die heelal inmekaarsteek*; *Wat Christene glo*; *Christelike leefstyl* – waarin hy die moraliteit in ons samelewing aan die orde bring; en in die laaste deel van sy boek kom *Die leer van die Drie-eenheid* aan die orde.

Om 'n idee te gee van die inhoud, die volgende uittreksel:
In die deel van die boek *Wat Christene glo* beskryf hy eers die verskillende sienings van God. Dan kom hy tot die slotsom: "Die Christelike siening is uniek: Ons glo die heelal is deur God uitgedink en gemaak, soos iemand 'n skildery skep of 'n melodie komponeer. 'n Skilder is nie 'n skildery nie en sal nie doodgaan as sy skildery vernietig word nie."



Ons glo ook dat daar baie dinge skeef geloop het met ons wêreld en dat God duidelik en ferm daarop aandring dat ons dit weer moet regstel.
God staan bo goed en kwaad. Maar as 'n goeie God die wêreld gemaak het, hoe kon dinge dan verkeerd loop?

Teenoor dualisme - wat beweer dat daar agter ons wêreld twee gelyke, onafhanklike magte werksaam is, die een goed en die ander sleg - is die Christelike geloof daarvan oortuig dat hierdie donker mag deur God geskep is. Hy (die mens) was goed toe hy gemaak is, maar het die spoor byster geraak. Die Christelike geloof stem met dualisme saam dat ons heelal 'n slagveld is. Maar dit sien die oorlog nie as 'n stryd tussen twee onafhanklike, gelyke magte nie. Ons sien dit as 'n burgeroorlog, 'n rebellie, en ons glo dat ons leef in 'n deel van die heelal wat deur die rebel oorgeneem is.
Hierdie wêreld is vyandelik-besette gebied. Die Christelike geloof is die verhaal van die koms van die regmatige Koning. Hy het vermom aangekom en ons almal opgeroep om deel van sy sabotasie-veldtog te word. Wanneer jy kerk toe gaan, luister jy eintlik na 'n geheime radio-uitsending van jou bondgenote. Dit is hoekom die vyand so hard probeer keer dat ons gaan. Hy doen dit deur in te speel op ons luiheid en verwaandheid en intellektuele snobisme." (bl. 63)

In die hoofstuk *Die volmaakte veroordeelde* verduidelik die skrywer die vryspraak deur Christus en die rol wat bekering in 'n gelowige se lewe speel.

In die deel wat *Christelike leefstyl* genoem word, behandel hy die drie aspekte van moraliteit. Dit het te doen met drie dinge:

1. Regverdigheid, harmonie tussen enkelinge;
2. Die regte balans, die harmonie binne elke mens afsonderlik;
3. Die doel van die menslike lewe in die algemeen: waarvoor die mens gemaak is, watter koers die vloot moet invaar, watter melodie die orkes behoort te speel.

Die vertaler verduidelik in sy voorwoord hoekom Lewis ook vir ons tyd relevant is.

"Ons leef in 'n tyd sonder sekerhede, 'n tyd waarin dit voel asof die vrae baie is en die antwoorde min. Lewis erken dat die lewe ingewikkeld is, hy sê reguit dat die Christelike geloof as 'n geloof vir hierdie lewe ook nie die eenvoudigste kan wees nie – en dan gaan hy voort om in die eenvoudigste taal denkbaar oor die geloof te skryf."

'n Mens sou kon dink dat 'n boek wat al meer as 'n halfeeu oud is, vandag nie meer vir ons sal aanspreek nie, maar dit is allesbehalwe waar. Want die boek laat 'n mens met die besef dat geloof sin maak, ook al is die wêreld besig om uitmekaar te val.

Lewis se opgewekte geloofstaal herinner 'n mens aan Paulus en Silas se lofsang in die tronk om donker middernag.
Mag hierdie boek ons opnuut aanspoor om eenvoudig en met blydskap te glo.

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn :** Shammah 26, Theunis Straat, Weltevredenpark 1709 - - - Tel 011 679 1646
- **Rev T Mogale :** 19675 Phathudistraat, Mamelodi-Oos 0122 - - - Tel 012 801-7937
- **Rev MP Magagula :** 575 Blok GG, Soshanguve 0152 - - - Tel 012 798-1553
- **Ds P Nel :** Du Plooystraat 80, Bethal 2310 - - - Tel 017 647-6693
- **Ds E Viljoen :** Mauritiussingel 3, Stellenberg 7550 - - - Tel 021 919-9149
- **Ds HH van Alten :** Walterlaan 1295, Waverley 0186 - - - Tel 012 332-3256

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Dr JA Breytenbach :** Blackwoodstraat 12, Bellair, Bellville 7530 - - - Tel 021 919-4215
- **Ds CF Nicholson :** Patoustr 33, Amanda Glen 7530 - - - Tel 021 975-9994
- **Ds PG Boon :** Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186 - - - Tel 012 332-1028
- **Rev J Mhlanga :** Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid - - - Tel 012 791-0983

Boekenuus

DRIE NUWE BOEKE!

FOLMER BOEKHANDEL

Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530
Tel: (021) 948-5883
e-pos: folmerboek@telkomsa.net
Posbus 1453, Sanlamhof 7532

- - -

Folmer Boekhandel (Pretoria)
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
0186 Môregloed
Tel/Faks: (012) 333 8064
e-pos: folmerpta@mweb.co.za
Posbus 26489
0031 Gezina

- **Floor,L: Uit die skatkamer van die Koninkryk**
  Preke vanuit die Ou sowel as Nuwe Testament. Die titel van hierdie bundel is ontleen aan woorde van Jesus wanneer Hy aan sy leerlinge verduidelik dat daar in sy ryk 'n skatkamer is. Die skatte wat in daardie kamer opgestapel lê, noem Jesus "nuwe en ou dinge". Met die 'ou dinge' word bedoel alles wat in die Ou Testament in die wet en deur die profete verkondig is. Die 'nuwe dinge' is alles wat met die koms van Jesus op aarde deur Hom as sy verlossingsboodskap bekend gemaak is. Wanneer die dissipels as leerlinge van Jesus gaan optree, sal hulle uit die groot voorraad die skatte van die Koninkryk te voorskyn bring. Nie alleen moet die 'nuwe dinge' verkondig word nie, maar ook die 'ou dinge' moet bekend gemaak word. Dit word duidelik deur die ou gesegde: 'Die Nuwe testament is in die Ou Testament verborge en die Ou Testament kom in die Nuwe Testament tot openbaring'.
  (2007) (R 75)

- **Mouton, H D: Skepping & Evolusie – onversoenbaar!**
  Ds Emile Rademeyer van die NG Kerk Doornkloof, Centurion skryf as volg oor hierdie boek: "Deur deeglike navorsing en logiese en uitgebreide uiteensetting laat sien dr Mouton hierdie briljante, tydige boek in Afrikaans die lig. Hiermee bevestig dr Mouton dat die Woord van God, asook alle Bybelgegewens, in alle opsigte betroubaar en waar is, en ook dat dit ware wetenskap-like navorsing ondersteun en selfs bekragtig. Elke Christen en veral predikant, wat nog onom-wonde kan bely dat God die Skepper van hemel en aarde is (soos dit in die Bybel beskryf word), behoort dit te lees. Geloof in die drie-enige God van die Bybel word wreed aangeval deur die evolusieleer en dit is seker hoog tyd dat mense, veral kinders, gewaarsku word teen die gevare van 'n geloof in evolusie."
  (Junie 2007) (R 110)
  Ook beskikbaar van dieselfde skrywer: *Evolution: the unscientific lie* (R39)

- **Visser, Rob: Hoe God alles maakte. *Uitleg van Genesis 1-3 en de betekenis daarvan***
  Talle diskussies oor die ontstaan van die wêreld en die mens is al oor die jare gevoer. Kritiek het dan ook meestal vanuit gereformeerde en ander Bybelgetroue kringe teen enige vorm van die evolusieteorie opgeklink. Dit juis op grond van dit wat die HERE in die Bybel oor sy skepping openbaar. Die afgelope jare is daar egter 'n beweging en verandering van opinie ten opsigte van hierdie siening. Opvallend is dat daar dan, in bogenoemde kringe, gesê en bely word **dat** God alles geskape het en **dat** die sondeval plaasgevind het. Dus glad nie **hoe** Hy alles geskape het en **hoe** die mens 'n sondige mens geword het nie.
  "*Laten we in diepe eerbied voor de HERE Hem geloven op Zijn Woord. Laten we strijden tegen deze vormen van Schriftkritiek en bouwen aan echte gereformeerde theologie ten bate van Christus' kerk. Ten bate van Gods volk.*"
  (2007) (R 159)

SONDAGVIERING EN SONDAGHEILIGING (2)

Henk Schuring

LEER EN LEWE

Christelike kerk en tydsindeling: sewende en eerste dag

Dit is opmerklik dat die Christelike kerk die tydsindeling van die Ou Testament oorgeneem het: 'n week van sewe dae. Paulus sê dat op die eerste dag van die week elkeen iets moes wegsit vir Jerusalem (1 Kor. 16:2). In Troas preek Paulus op die eerste dag van die week (Hand. 20:9). Die vraag of hierdie diens op die eerste dag van die week op 'n Sondagsviering dui, is baie waarskynlik; die feit is egter dat die kerk die weeksindeling gehandhaaf het. Die kerk het wel vanweë die feit dat Christus op 'n Sondag opgestaan het, die dag van samekoms één dag opgeskuif. Die Sewendedag-adventiste of Sabbatariërs se mening is dat ons verplig is om die sewende dag te onderhou. Hierdie standpunt is wettisisties.

Die koms van die nuwe bedeling het die kerk bevry van die verpligte feeskalender en van die verpligte sabbatsrus. Paulus sê in Kolossense 2:16+17 : "Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge, maar die liggaam behoort aan Christus."

Paulus toon hiermee aan dat spyswette en feesgebooie 'n voorafbeelding was van die heil van Christus. Noudat die vervulling gekom het, is dit vir die Christene uit die heidene nie meer nodig om die sabbatsgebooie en bepalings te onderhou nie. Die Jode-Christene het waarskynlik nog steeds die sabbat onderhou tot en met die verwoesting van Jerusalem in die jaar 70 n.C.

Sondag 38 van die Kategismus

Vraag 103 van die Heidelbergse Kategismus stel die vraag: "Wat gebied God in die vierde gebod?" Uit die antwoord is dit baie duidelik dat die evangelieverkondiging, die Woordbediening, die belangrikste is. Vir baie mense het Sondag 'n probleem geword, baie word gepraat oor wat gedoen of nie gedoen mag word nie. Die opdrag is dat **"ek, veral op die sabbat, dit is op die rusdag**, met die gemeente van God ywerig moet opkom om die Woord van God te hoor". Maar dit is opmerklik dat in die oorspronklike Duitse teks van Sondag 38 nie die woord sabbat of rusdag gebruik word nie, daar staan die **"Feiertag"**, die feesdag. Die Latynse teks gebruik ook nie die woorde "sabbat" en "rusdag" nie, maar **"festis diebus"**, dit is feesdag. Die woord "feesdag" gee aan die invulling van daardie dag 'n meer positiewe kleur, 'n vier-dag. By rusdag dink 'n mens aan dit waarvan jy moet rus en die aanduiding van die Sondag as sabbat versterk dit. Die aksent lê op die positiewe: die fees-dag, die vier-dag.

In Nahum 1 : 15 lees ons: **Vier jou feesdae o Juda**. Op die sabbat het Israel die verbond en bevryding deur Jaweh gevier, feestelik herdink, en dit geld nog meer van die Nuwe Testamentiese gemeente.

Die Sondag is 'n fees-dag met fees-plig, 'n dag van lofprysing en toerusting.

Aktiewe verbondsverkeer op die feesdag

Die Sondagse eredienste is eintlik 'n verbondsgesprek, 'n dialoog tussen die Here en sy volk, waar 'n verbondsvernuwing plaasvind. Wanneer die diens begin, konstitueer die gemeente haarself met die woorde: "Ons hulp is in die Naam van die Here"; dan volg die seëngroet van die Here. Daarna antwoord die gemeente met 'n Psalm. Daarna spreek die Here in die 10 woorde, die wet, waarop die gemeente antwoord met 'n belydenis van skuld in die Psalms en in die gebed van die voorganger. Dan volg die Woordbediening in die Naam van die Here en so gaan dit heen en weer, totdat die Here die laaste woord spreek in die slotseën. Die kerkdiens is 'n diens; die dienswillige volk kom saam om na die beloftes te luister, die bevele te gehoorsaam, en so die verbond met die Here te vernuwe.

Twee Sondagse eredienste: Oggend- en aanddiens

Die twee eredienste op Sondag het elk hul eie karakter. In die oggend word 'n teks of tekste uit die Skrif in die sentrum gestel.
Verbande met ander Skrifgedeeltes word aangedui, so word die één teks in die konteks van die hele Skrif geplaas (Genesis-Openbaring).

Die aanddiens is nie slegs ‘n herhaling nie, maar ‘n leerdiens, ‘n vorm van katkisasie. Nou staan nie ‘n enkele teks in die sentrum nie, maar uit ‘n groot hoeveelheid tekste (Genesis-Openbaring) word ‘n leerstuk, bv. die leer oor die Heilige Gees, verkondig. Die tweede diens is ‘n belydenis-diens. Die soldate van Christus ontvang instruksies insake hul taak en roeping en ontvang beloning by oorwinning. Die invloed en deurwerking van sektes en ketterye kan alleen gestuit word as die gemeente haar mondigheid handhaaf en ‘n **belydende gemeente word**. Dit beteken dat daar reëlmatig onderrig moet plaasvind om gehoor te kan gee aan wat in Efesiërs 4:12-15 staan: om deur die prediking die heiliges toe te rus vir dienswerk en sodat hulle deur kennis van die ware leer elke wind van lering kan onderken, sodat lidmate nie verlei word om dwalings na te volg nie.

Die tweede erediens in ons land, Suid-Afrika, is ‘n bedreigde diens; ‘n aantal gemeentes het dit reeds afgeskaf, omdat nie besef word dat die tweede diens nie ‘n alternatief is vir die eerste diens, bedoel vir hulle wat moontlik verhinder was om die eerste diens by te woon, nie. Die tweede diens is ‘n diens waarin die gemeente haar moet besin op dit wat sy glo en wat sy moet doen in ‘n post-modernistiese samelewing. Waar die Kategismus of leer-prediking verswak, afgeskeep of nagelaat word, is die gevolg ‘n insinking; die weerstand breek en dit bevorder weerloosheid en ‘n navolging van sektariese rigtings soos die Pinkster- en charismatiese bewegings.

Waarom twee eredienste op ‘n Sondag?

Soms word gesê dat die tweede erediens eintlik nie nodig is nie; die Bybel beveel ons immers nie dat daar twee eredienste op ‘n Sondag bygewoon moet word nie. So ‘n gedagtegang besef dan nie (afgesien van die duidelike aanwysing in Hebr. 10:25) dat ons twee eredienste op ‘n manier ‘n voortsetting is van die twee samekomste van die volk onder die Ou en Nuwe Testament.

Twee eredienste in die tempel (môre-offer en aandoffer)

In die Ou Testament was daar elke sabbatdag in die tempel die môre- en aanddiens, vergesel van die môre- en aandoffer, soos voorgeskryf in Numeri 28:9+10, en die weeklikse vernuwing van die toonbrode. Die volk en die priesters het gebede opgedra, terwyl die reukofferaltaar in die tempel bedien is; hierby kan verwys word na Sagaria wat volgens lot die reukoffer moes bring (Luk. 1:9,10). Die sabbatpsalm, Psalm 92, is gesing, asook die Lied van Moses (Deut. 32), en in die aanddiens is in die tempel die lied van Mirjam (Ex. 15) gesing. Wanneer Petrus en Johannes saam na die tempel gaan, staan daar dit het plaasgevind op die uur van die gebed, die **negende uur**, dit is om **drie-uur in die middag, dit was die tyd van die aandoffer, die tweede diens**, (Hand. 3:1). Insake die eerste môrediens op Pinkster lees ons van Petrus waar hy melding maak van die derde uur in die môre (Hand. 2:15). Die derde uur is die Joodse tydsaanduiding en dit beteken **9 uur in die oggend**, tydstip waarop die **eerste oggenddiens** in die tempel begin het. Feit van die saak is dat sowel die tempel as die sinagoge twee dienste op die sabbat gehou het.

Twee eredienste in Gereformeerde Kerke

Na die Reformasie het die gebruik posgevat om twee eredienste op ‘n Sondag te hou, waarby die tweede erediens die karakter van ‘n leerdiens gekry het. Die Sinode van Den Haag het reeds in 1586 die Kategismuspreek vir die tweede diens verpligtend gemaak. Nogtans is die twee eredienste nie ‘n nuwe gebruik wat eers met die Reformasie begin het nie, maar - soos die vrygemaakte predikant **R Dean Anderson** daarop wys in sy artikel ***“Gedenk de Sabbatdag”*** – dit het ‘n lang geskiedenis met wortels wat teruggaan tot in die Ou Testament:

“Als Gereformeerde kerken hebben wij met elkaar afgesproken om elke sabbatdag twee erediensten te beleggen. Maar dat aantal is niet zomaar uit de lucht geplukt. Het heeft een lange geschiedenis, die zijn wortels al in het Oude Testament heeft. In de wet had God bevolen dat er in de tempel zowel een morgendienst als een middagdienst moesten zijn. In Israël werden de plaatselijke erediensten in de synagogen ook op deze tijden gehouden. Dat was vanzelfsprekend. Men ging naar de synagogendienst *omdat* men juist buiten bereik van de tempel woonde. De vroeg christelijke kerk heeft deze diensttijden overgenomen, alleen één dag verzet natuurlijk.

Zodoende kwamen ze vroeg op zondagmorgen bijeen om een uur of zes en bleven bij elkaar tot rond de lunchtijd. Later kwamen ze weer bij elkaar om een uur of drie voor een wat kortere dienst. Hoewel onze morgendienst niet meer zo vroeg begint, en lang niet zo lang is, **hebben wij toch het principe van twee erediensten op de sabbatdag gehandhaafd**. De ouderlingen roepen ons samen en geven zo inhoud aan het gebod van de Here in Lev. 23:3 : *“Ses dae lank kan werk gedoen word, maar*

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
Tel. 012 332 0943
E-pos (Stigting):
berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker:
Printburo
Tel. 012 335 9134

Redaksie:
Greet de Vries
Hans Moes
Petro Hofsink
Juul Douma
Riaan van Alten
Herman van der Linden

Redaksieadres:
e-pos: jdouma@absamail.co.za

Saxenburgsingel 14
Oakglen
Bellville 7530
Tel 021 919 5176

Administrasie:
Mev. L Ros
Posbus 23931
Gezina, 0031
Tel. 012 332 0127

Nederland:
Mev. L Ros
Posbus 23931
Gezina, 0031
Tel. 012 332 0127

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):

E-pos	RSA	R40
	Buiteland	€10
RSA	per hand	R90
	per pos	R110
Buiteland:		
	Seepos	€30
	Lugpos	€40

op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus, ***'n heilige vierdag****; géén werk mag julle doen nie – dit is 'n sabbat van die Here* ***in al julle woonplekke."***

Bywoning van twee eredienste op Sondae nie tradisie nie, maar fees-plig

Derhalwe is dit aanneemlik dat ons twee eredienste op 'n Sondag 'n voorsetting is van hierdie gebruik in tempel, sinagoge en vroeë Christelike kerk; daarby sluit dit aan by die opdrag: Gedenk die sabbat**dag**, dat jy dit heilig. Om te gedenk is nie net gedurende één erediens nie, maar die **hele feesdag** is hierby betrokke. Jesaja gee in hoofstuk 58:13,14 duidelik te kenne hoe so 'n feesdag gevier moet word. Ons kan nooit sê ons weet nou genoeg nie. Onderrig, kennis van die leer is noodaaaklik; die twee Sondag-eredienste vul mekaar aan en hoort by die feesdag in navolging van die kerk onder die ou en nuwe bedeling. Hoe sal die kerk dwalings kan herken en ontmasker as daar geen instruksie en leer-prediking is nie? Dink hierby aan die waarskuwing van Paulus aan die ouderlinge te Efese (Hand. 20:28-31).

Die twee kerkdienste op Sondag, die amptelike verkondiging, moet onderhou word; daar moet 'n prediker wees, 'n geleentheid om te vergader, maar ook skole, en die Kategismus bedoel hier nie die gewone skole nie, maar die teologiese opleidingskole. Om die fees te kan hou, moet daar goeie voorbereiding wees; studie, opleiding, toerusting van aanstaande predikante is ook onderdeel van die fees-plig. Kerkraad en gemeente moet sorg dat die prediking die Woord ontsluit, dat die volle Raad van God verkondig word. Andersyds moet daar 'n bereidwilligheid wees om te offer vir die fees. Die Finansiële Kommissie is die Fees-Kommissie. Dit is elke Sondag bevrydingsfees. Ons Pasga is vir ons geslag, die Pasga van die Verlossing. Die Sondag is nie 'n probleem nie, maar 'n gawe, 'n fees-gawe. Dit is egter ook 'n feestelike opdrag. **Laat ons dan feesvier, nie met die suurdeeg van die sonde nie, maar in waarheid en reinheid**.

Ons moet al die dae van ons lewe van ons verkeerde werke rus, en vandag moet ons besef dat die fees van die bevryding lankal begin het. Eendag sal dit uitloop op die ewige sabatsrus van die aktiewe volk van God.

•‡•‡•

Kennisgewing:

Van 25 Julie tot 10 Oktober is in verband met afwesigheid van Juul Douma, die redaksie-adres vgkcpt@mweb.co.za